PLEASE RETURN TO RECORDS DEPT. ANGLO AMERICAN CORPORATION OF S.A. LTD.

SEEN BY
R.B.H.
A.C.W.
J.B.
R.L.
E.A.R.
H.C.K.
D.O.B.

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CXXXI.] PRYS 6d. PRETORIA, 8 JANUARIE 8 JANUARY 1943 PRICE 6d. [No. 3139

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE NICOLAAS JACOBUS DE WET, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 9, 1943.]

Nademaal by subartikel (2) van artikel *een-en-veertig* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, soos gewysig, voorsiening gemaak is vir die aanstelling van 'n Kommissie om so spoedig moontlik na elke Sensus geneem ingevolge artikel *drie* van die Census Wet, 1910 (Wet No. 2 van 1910), soos gewysig, 'n herverdeling uit te voer tussen die verskillende kiesafdelings in elke Provinsie van die Unie;

En nademaal so'n Kommissie behoorlik benoem is en, soos bepaal by artikels *nege-en-dertig* en *een-en-sewentig* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, soos gewysig, elke Provinsie verdeel het in kiesafdelings wat elkeen 'n lid afvaardig, en verder, soos bepaal by subartikel (1) van artikel *twee-en-veertig* van genoemde Wet, aan die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade 'n lys voorgelê het van kiesafdelings met die name daaraan deur die Kommissie gegee, tesame met 'n beskrywing van die grense van elk sodanige kiesafdeling;

En nademaal by subartikel (3) van genoemde artikel *twee-en-veertig* van die Zuid-Afrika Wet bepaal word dat die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade die name en grense van die kiesafdelings sal proklameer, soos finaal vasgestel en gesertifiseer deur die Kommissie of 'n meerderheid daarvan;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen soos voormeld, proklameer, verklaar en bekendmaak, met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, dat die name en grense van die verskillende kiesafdelings soos deur genoemde Kommissie finaal vasgestel en gesertifiseer, dié is wat in die aanhangsels van die rapport van die Kommissie beskryf, en in hierdie *Staatskoerant* gepubliseer is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Januarie Negentienhonderd Drie-en-veertig.

N. J. DE WET,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

WALTER B. MADELEY.

VERSLAG VAN DIE AGSTE AFBAKENINGSKOMMISSIE.

INHOUDSOPGAWE.

	Paragraaf
Benoeming	1
Vergaderings en prosedure	2–3
Die toewysing van kiesafdelings aan die Provinsies	4–6
Die vasstelling van provinsiale kwotas per kiesafdeling	7–9
Die getal blanke volwasse Unieburgers wat nie as kiesers geregistreer is nie	10–11
Wysiging van afdelingskwotas	12–18
Toename van stedelike kiesers	19
Die verdeling van kiesafdelings binne die Provinsies	20–23
Keuse van platteelandse afdelings vir afskaffing	24
Bepaling van kiesafdelingsgrense	25–26

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE NICOLAAS JACOBUS DE WET, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 9, 1943.]

Whereas by sub-section (2) of section *forty-one* of the South Africa Act, 1909, as amended, it is provided that a Commission shall be appointed as soon as may be after every census taken in terms of section *three* of the Census Act, 1910 (No. 2 of 1910), as amended, to re-divide each province of the Union into electoral divisions;

And whereas such Commission was duly appointed and has, as provided by sections *thirty-nine* and *seventy-one* of the South Africa Act, 1909, as amended, divided each Province into electoral divisions each returning one member, and has further, as provided by sub-section (1) of section *forty-two* of the said Act, submitted to the Officer Administering the Government-in-Council a list of electoral divisions with the names given to them by the Commission and a description of the boundaries of every such division;

And whereas by sub-section (3) of the said section *forty-two* of the South Africa Act, it is provided that the Officer Administering the Government-in-Council shall proclaim the names and boundaries of the electoral divisions as finally settled and certified by the Commission or a majority thereof;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me as aforesaid, I do hereby, with the advice and consent of the Executive Council, proclaim, declare and make known that the names and boundaries of the several electoral divisions as finally settled and certified by the Commission shall be those described in the Appendices to the Report of the said Commission published in this *Government Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Fifth day of January One thousand Nine hundred and Forty-three.

N. J. DE WET,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

WALTER B. MADELEY.

REPORT OF THE EIGHTH DELIMITATION COMMISSION.

INDEX.

	Paragraph
Appointment	1
Meetings and procedure	2–3
The assignment of Electoral Divisions to the Provinces	4–6
The ascertainment of Provincial Quotas per Electoral Division	7–9
The number of European adult Union Nationals not registered as voters	10–11
Modification of divisional quotas	12–18
Increase of urban voters	19
The apportionment of electoral divisions within the provinces	20–23
Selection of rural divisions for elimination	24
Determining of electoral boundaries	25–26

Paragraaf

TRANSVAAL.

VOLKSRAAD EN PROVINSIALE RAAD.

Die verdeling van die Provinsie in kiesafdelings en die toewysing van setels 27–32
Afskaffing van drie Transvaalse plattelandse kiesafdelings .. 33–36
Die verandering van die grense van Transvaalse plattelandse afdelings 37
Oos-Transvaal 38–42
Wes-Transvaal 43–46
Noord-Transvaal 47
Suid-Transvaal 48–50
Die Witwatersrandse gebied 51–59
Die kiesgebied van Pretoria 60–66

KAAPPROVINSIE.

VOLKSRAAD EN PROVINSIALE RAAD.

Die toewysing van setels. Herstelling van afdeling Soutrivier 67–68
Afskaffing van vier kiesafdelings 69–72
Griekwaland-Oos, Temboeland en Kingwilliamstown 73
Die oostelike Kaapprovinsie 74–76
Die sentrale Kaaplandse gebied 77–79
Die suidwestelike distrikte van die Kaapprovinsie 80–81
Die westelike gebied van die Kaapprovinsie 82–85
Die gebied Noord-Kaapland 86–89
Die Kaapse Skiereiland en omgewing 90–96

NATAL.

(*a*) VOLKSRAAD.

Die toewysing van setels. Stigting van afdeling Pinetown . 97–100
Suidkus 101
Vryheid en Zoeloeland 102–103
Newcastle en Kliprivier 104–105
Pietermaritzburg-Stad en -Distrik 106
Die Durbangebied 107–113

(*b*) PROVINSIALE RAAD.

Die toewysing van setels. Stigting van afdeling Durban-Distrik 114–115
Verdere veranderings aan die grense van plattelandse afdelings van die Provinsiale Raad 116
Die Pietermaritzburgse afdelings van die Provinsiale Raad 117
Die Durbanse afdelings van die Provinsiale Raad 118

ORANJE-VRYSTAAT.

(*a*) VOLKSRAAD.

Toewysing van setels 119–120
Afskaffing van 'n plattelandse afdeling 121–123
Die Bloemfonteinse afdelings 124
Die noordelike en oostelike gebied 125
Gebiede wat Bloemfontein-Distrik omring 126
Vredefort, Kroonstad en Ladybrand 127

(*b*) PROVINSIALE RAAD.

Die Bloemfonteinse setels. Stigting van afdeling Bloemfontein-Stad 128–130
Die afskaffing van Thaba 'Nchu 131
Verandering van die grense van plattelandse afdelings van die Provinsiale Raad 132–133

BYVOEGSEL.

Kaarte 134
Aanhangsels 135
Diens aan die Kommissie bewys 136–137

AANHANGSELS.

No. 1.

Bladsy

Alfabetiese lys van kiesafdelings (Volksraad en Provinsiale Raad) ..... xxiii–xxv
Tabel van veranderings in die name van kiesafdelings aangebring:—
(*a*) Nuwe name toegeken xxvi
(*b*) Name van kiesafdelings wat sal verdwyn wanneer die kiesafdelings deur die Agste Afbakeningskommissie bepaal, in werking tree xxvi

No. 2.

Beskrywing van Volksraad- en Provinsiale Raad-kiesafdelings in die Provinsie Transvaal ..... lvii–xcii
Beskrywing van Volksraad- en Provinsiale Raad-kiesafdelings in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop ..... xxvi–xxxvi
Beskrywing van Volksraadkiesafdelings in die Provinsie Natal xxxvi–xli
Beskrywing van Provinsiale Raad-kiesafdelings in die Provinsie Natal ..... xli–xlvi
Beskrywing van Volksraadkiesafdelings in die Provinsie Oranje-Vrystaat ..... xlvii–lii
Beskrywing van Provinsiale Raad-kiesafdelings in die Provinsie Oranje-Vrystaat ..... lii–lvi

No. 3.

KAARTE.

KAAPPROVINSIE.

(i) Die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop.
(ii) Die Kaapse Skiereiland.
(iii) Die Stad Port Elizabeth.
(iv) Die Stad Oos-Londen.
(v) Die Stad Kimberley.

Paragraph

TRANSVAAL.

HOUSE OF ASSEMBLY AND PROVINCIAL COUNCIL.

The division of the Province electorally and the allocation of seats 27–32
Elimination of three Transvaal rural electoral divisions 33–36
The adjustment of Transvaal rural divisional boundaries ... 37
The Eastern Transvaal 38–42
The Western Transvaal 43–46
The Northern Transvaal 47
The Southern Transvaal 48–50
The Witwatersrand area 51–59
The Pretoria electoral area 60–66

CAPE PROVINCE.

HOUSE OF ASSEMBLY AND PROVINCIAL COUNCIL.

The allocation of seats. Resuscitation of Salt River division 67–68
Elimination of four electoral divisions 69–72
East Griqualand, Tembuland and Kingwilliamstown 73
The Cape Eastern Province 74–76
The Central Cape Area 77–79
The Cape South Western districts 80–81
The Cape Western area 82–85
The Cape Northern area 86–89
The Cape Peninsula and environs 90–96

NATAL.

(*a*) HOUSE OF ASSEMBLY.

The allocation of seats. Creation of Pinetown division 97–100
South Coast 101
Vryheid and Zululand 102–103
Newcastle and Klip River 104–105
Pietermaritzburg City and District 106
The Durban area 107–113

(*b*) PROVINCIAL COUNCIL.

The allocation of seats. Creation of Durban District division 114–115
Further alterations of Provincial Council rural divisional boundaries 116
The Pietermaritzburg Provincial Council divisions 117
The Durban Provincial Council divisions 118

ORANGE FREE STATE.

(*a*) HOUSE OF ASSEMBLY.

The allocation of seats 119–120
The elimination of a rural division 121–123
The Bloemfontein divisions 124
The Northern and Eastern areas 125
Areas surrounding Bloemfontein District 126
Vredefort, Kroonstad and Ladybrand 127

(*b*) PROVINCIAL COUNCIL.

The Bloemfontein seats. Creation of Bloemfontein City division 128–130
The elimination of Thaba 'Nchu 131
Alteration of Provincial Council rural divisional boundaries. 132–133

SUPPLEMENTARY.

Maps 134
Appendixes submitted 135
Service rendered to the Commission 136–137

APPENDIXES.

No. 1.

Page

Alphabetical list of electoral divisions (House of Assembly and Provincial Council) ..... xxiii–xxv
Table of changes effected in the names of electoral divisions—
(*a*) New names assigned xxvi
(*b*) Electoral division names which will disappear when the electoral divisions defined by the Eighth Delimitation Commission come into existence xxvi

No. 2.

Descriptions of the House of Assembly and Provincial Council electoral divisions in the Province of Transvaal ..... lvii–xcii
Descriptions of House of Assembly and Provincial Council electoral divisions in the Province of the Cape of Good Hope xxvi–xxxvi
Descriptions of House of Assembly electoral divisions in the Province of Natal ..... xxxvi–xli
Descriptions of Provincial Council electoral divisions in the Province of Natal ..... xli–xlvi
Descriptions of the House of Assembly electoral divisions in the Province of the Orange Free State ..... xlvii–lii
Descriptions of the Provincial Council electoral divisions in the Province of the Orange Free State ..... lii–lvi

No. 3.

MAPS.

CAPE PROVINCE.

(i) The Province of the Cape of Good Hope.
(ii) The Cape Peninsula.
(iii) The City of Port Elizabeth.
(iv) The City of East London.
(v) The City of Kimberley.

TRANSVAAL.

(i) Die Provinsie Transvaal.
(ii) Die Witwatersrand.
(iii) Die Stad Pretoria en omliggende gebied.

NATAL.

(i) Die Provinsie Natal.
(ii) Die Stad Pietermaritzburg.
(iii) Die Stad Durban.

ORANJE-VRYSTAAT.

(i) Die Provinsie Oranje-Vrystaat.
(ii) Die Stad Bloemfontein.

VERSLAG

AAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE NICOLAAS JACOBUS DE WET, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

MAG DIT U EKSELLENSIE BEHAAG.

Benoeming.

1. Hierdie Agste Afbakeningskommissie is in Junie 1942 benoem ingevolge die bepalings van artikel 41 (2) van die Zuid-Afrika Wet (soos vervang deur artikel 2 van die Verkiesingskwota-konsolidasiewet, 1942) om enige herafbakening te doen wat kragtens artikel 4 van die Sensus-, Afbakenings- en Kieswet, 1941, en artikels 32, 40 en 41 (soos gewysig) en artikels 38, 39, 42 en 71 van die Zuid-Afrika Wet, nodig mag geword het tussen kiesafdelings in elke Provinsie en om voorsiening te maak vir die toewysing van die getal lede van die Volksraad en die onderskeie Provinsiale Rade waarop elke Provinsie kragtens die bepalings van genoemde Wette geregtig mag geword het.

Vergaderings en prosedure.

2. Die Kommissie het sy werk aan die end van Junie begin en sy eerste openbare vergadering op 7 Julie 1942 op Pretoria gehou. Sedertdien was die Kommissie nog voortdurend besig met sy werksaamhede. Die werk in verband met elke Provinsie is grotendeels verrig op die plek waar sy Provinsiale Regering gesetel is, dog, behalwe in die Oranje-Vrystaat waar alle inligting in Bloemfontein gekonsentreer en volledig aldaar verkrygbaar was, het die Kommissie, ten einde beter vertroud te raak met plaaslike toestande buite die provinsiale hoofstede, nog heelwat ander plekke besoek, t.w., Johannesburg, Witbank, Carolina, Barberton, Lydenburg, Pietersburg, Louis Trichardt, Potgietersrust en Rustenburg, in Transvaal; Durban en Ladysmith, in Natal; Kimberley, Port Elizabeth, Cradock, Aliwal-Noord, Kokstad, Queenstown, Kingwilliamstown, Oos-Londen, Grahamstad en George, in die Kaapprovinsie. Op hierdie plekke is vergaderings gehou en geleentheid aan die publiek in die algemeen en aan die verskillende politieke partye in die besonder gegee om voorstelle aan die Kommissie voor te lê.

3. Die Kommissie het die metode gevolg om die politieke partye uit te nooi om by sy eerste openbare vergadering in elke Provinsie voorstelle aan die Kommissie voor te lê. Gevolglik is skemas, vergesel van kaarte, van die partye ontvang, behalwe van een van die partye in die Kaapprovinsie wat verkies het om op die Kommissie se voorlopige voorstelle te wag en om hom te beperk tot die lewering van kommentaar daarop. Na die eerste openbare vergadering in 'n Provinsie vir die inwagting van voorstelle is 'n voorlopige herafbakeningskema, soms van 'n alternatiewe konsepskema vergesel, ten opsigte van daardie Provinsie opgestel. Daarna is inligting oor die voorlopige konsepskema of -skemas wyd versprei en is om voorstelle gevra. Die vertoë wat bygevolg tot die Kommissie gerig is, was dikwels van 'n besonder nuttige aard daar hulle gegrond was op plaaslike kennis waarop die lede van die Kommissie geen aanspraak kon maak nie, en het volledige oorweging geniet voordat die finale skemas wat nou aan U Eksellensie voorgelê word, opgestel is. In sommige gevalle is egter gevind dat voorstelle wat logies en geografies gesond was, statisties onuitvoerbaar was, terwyl in die geval van ander voorstelle die aanvaarding van wenke ten opsigte van een kiesafdeling 'n korrelatiewe nadeel vir 'n ander kiesafdeling sou meegebring het wat die Kommissie nie met reg kon aanbeveel nie.

Die toewysing van kiesafdelings aan die Provinsies.

4. Ingevolge artikel 41 (2) van die Zuid-Afrika Wet (soos vervang deur artikel 2 van die Verkiesingskwotakonsolidasiewet, 1942) moet die Kommissie elke Provinsie van die Unie in soveel kiesafdelings verdeel dat hul getal so na moontlik in dieselfde verhouding tot honderd-en-vyftig staan as die verhouding waarin die getal blanke volwasse Unieburgers in die betrokke Provinsie, soos vasgestel deur die sensus van 1941, staan tot die totale getal blanke volwasse Unieburgers in die Unie, soos vasgestel deur dieselfde sensus. Volgens artikel 41 (1) van die Zuid-Afrika Wet, soos gewysig, beteken die uitdrukking „volwasse Unieburgers", persone (hetsy manlik of vroulik) wat een-en-twintig jaar of ouer is en wat kragtens artikel 1 van die Unie Nasionaliteit en Vlae Wet, 1927, Uniestaatsburgers is of geag word sulks te wees.

TRANSVAAL.

(i) The Province of the Transvaal.
(ii) The Witwatersrand.
(iii) The City of Pretoria and surrounding area.

NATAL.

(i) The Province of Natal.
(ii) The City of Pietermaritzburg.
(iii) The City of Durban.

ORANGE FREE STATE.

(i) The Province of the Orange Free State.
(ii) The City of Bloemfontein.

REPORT

TO HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE NICOLAAS JACOBUS DE WET, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

MAY IT PLEASE YOUR EXCELLENCY.

Appointment.

1. This the Eighth Delimitation Commission was appointed in June, 1942, under the provisions of section 41 (2) of the South Africa Act (as substituted by section 2 of the Electoral Quota Consolidation Act, 1942) to carry out any redelimitation which, in terms of section 4 of the Census, Delimitation and Electoral Act, 1941, and sections 32, 40 and 41 (as amended) and sections 38, 39, 42 and 71 of the South Africa Act, may have become necessary as between electoral divisions in each Province and to provide for the allocation of the number of members of the House of Assembly and the respective Provincial Councils to which each Province may have become entitled under the provisions of the said Acts.

Meetings and Procedure.

2. The Commission commenced its work at the end of June and held its first public meeting at Pretoria on the 7th July, 1942. Since that date the Commission has been continuously engaged upon its duties. In the main, the work in respect of each Province has been carried out at the seat of its Provincial Government, but save in the Orange Free State, where all information was concentrated in and fully ascertainable at Bloemfontein, in order to gain more intimate knowledge of local conditions in areas outside the Provincial capitals, visits were made by the Commission to a considerable number of other places—in the Transvaal to Johannesburg, Witbank, Carolina, Barberton, Lydenburg, Pietersburg, Louis Trichardt, Potgietersrust and Rustenburg; in Natal to Durban and Ladysmith; in the Cape to Kimberley, Port Elizabeth, Cradock, Aliwal North, Kokstad, Queenstown, Kingwilliamstown, East London, Grahamstown and George. At these places meetings were held and opportunity was given to the public generally, and to the various political parties in particular, to submit suggestions to the Commission.

3. The Commission adopted the procedure of inviting the political parties to submit proposals at its first public meeting in a Province. In consequence, schemes accompanied by maps were received from the parties, save from one of the parties in the Cape Province, which preferred to await the Commission's provisional proposals and to confine itself to comments thereon. After its first public meeting in a Province for the receipt of suggestions, a provisional redelimitation scheme in respect of that Province, sometimes accompanied by an alternative draft, was drawn up. Thereafter information as to the provisional draft or drafts was widely distributed and suggestions were invited. The consequent representations made to the Commission, often of most useful character since based upon local knowledge to which the members of the Commission could not pretend, received full consideration before the preparation of the final schemes now submitted to Your Excellency. In some instances, however, proposals logically and geographically sound have been found to be statistically impracticable, while in others the adoption of suggestions in respect of one electoral division would have involved a correlative disadvantage in another electoral division which the Commission could not justly have imposed.

The Assignment of Electoral Divisions to the Provinces.

4. The Commission is required, by section 41 (2) of the South Africa Act (as substituted by section 2 of the Electoral Quota Consolidation Act, 1942) to divide each Province of the Union into so many electoral divisions that their number bears, as nearly as possible, the same ratio to one hundred and fifty as the number of European adult Union Nationals in the Province in question, as ascertained by the 1941 census, bears to the total number of European adult Union Nationals in the Union as ascertained by the same census. In terms of section 41 (1) of the South Africa Act, as amended, the expression "adult Union Nationals" means persons (whether males or females) of the age of twenty-one or over who are, or who are deemed to be, Union Nationals in terms of section 1 of the Union Nationality and Flags Act, 1927.

5. Die sensus van 1941 gee onderstaande getalle aan vir blanke volwasse Unieburgers binne die vier Provinsies van die Unie:—

Kaapland	464,175
Natal	130,381
Transvaal	523,071
Oranje-Vrystaat	111,903
	1,229,530

Die syfers vir Kaapland sluit 380 blanke volwasse Unieburgers in Walvisbaai in. Ondanks die bepalings van artikel 1 van Wet No. 24 van 1922 en artikel 43 van Wet No. 42 van 1925, wat Walvisbaai onder die administrasie van die Mandaatgebied Suidwes-Afrika plaas, maak dit nog 'n deel van die Unie uit, en die Kommissie gaan akkoord met die besluite van die Sesde en Sewende Afbakeningskommissies, nl., dat die persone in Walvisbaai wat die kwalifikasies van blanke volwasse Unieburgers besit, ingesluit moet word in die syfers van die Kaapprovinsie vir doeleindes van die vasstelling van daardie Provinsie se posisie met betrekking tot die verhouding van sy verteenwoordiging in die Volksraad en, gevolglik, in die Provinsiale Raad. Soos die Sewende Afbakeningskommissie in paragraaf 8 van sy verslag aantoon, is dit wel seker 'n anomalie dat die getal blanke volwasse Unieburgers wat in Walvisbaai woonagtig is, Kaapland se verteenwoordiging in die Unie se wetgewende liggaam, waarvoor hulle nie as kiesers geregistreer is en waarin hulle geen verteenwoordiging kan hê nie, kan beïnvloed, dog dit verander nie die regsposisie nie. Daar kan egter toegevoeg word dat, of hulle in aanmerking geneem word al dan nie, die 380 persone wat in die sensus van 1941 as blanke volwasse Unieburgers in Walvisbaai opgegee is, nie in hierdie geval die getal kiesafdelings wat aan die Kaapprovinsie toegewys moet word, sal beïnvloed nie.

6. Die metode van vasstelling beskryf in artikel 41 (2) van die Zuid-Afrika Wet, soos gewysig, lei tot die toewysing van ses-en-vyftig lede vir die Volksraad aan Kaapland, sestien aan Natal, vier-en-sestig aan Transvaal en veertien aan die Oranje-Vrystaat—'n vermindering van drie lede in Kaapland en een in die Oranje-Vrystaat met 'n ooreenstemmende vermeerdering van vier in Transvaal; die syfer vir Natal bly in hierdie opsig onveranderd. Ooreenkomstig die bepalings van artikel 71 moet daar 'n ooreenstemmende verandering in die getal lede van die Provinsiale Raad in Kaapland en Transvaal plaasvind, maar in Natal en die Oranje-Vrystaat bly die getal lede aan die Provinsiale Raad vyf-en-twintig.

Die vasstelling van provinsiale kwotas per kiesafdeling.

7. Ingevolge artikel 41 (3) van die Zuid-Afrika Wet (soos vervang deur artikel 2 van die Verkiesingskwotakonsolidasiewet, 1942) moet die Kommissie by die verdeling van 'n Provinsie in kiesafdelings, die bepalings volg van artikel 40 van die Wet wat in subartikel 1 (soos vervang deur artikel 22 van Wet No. 20 van 1940) bepaal dat die kwota van elke Provinsie verkry moet word deur die gesamentlike aantal kiesers in die Provinsie, soos vasgestel uit 'n ondersoek van die kieserslyste wat asdan geldig is, te deel deur die getal lede van die Volksraad wat vir daardie Provinsie gekies moet word. 'n Verdere bepaling van die subartikel wat betrekking het op die kieserslyste in 'n jaar waarin 'n tweejaarlikse registrasie begin word, is nie hier van toepassing nie, aangesien daar geen tweejaarlikse registrasie gedurende 1942 was nie. Die Kommissie het in hierdie verband die hoofkieserslyste van 1941 en die aanvullende kieserslyste van Januarie 1942, soos verander deur die opgawes wat ontvang is kragtens artikel 22 (4) van die Kieswet, No. 12 van 1918, soos gewysig, tot en met die maand Mei 1942 as die geldige kieserslyste beskou. Dit sou die Kommissie se werk belemmer en sy gevolgtrekkings vertraag het as 'n datum later as Mei 1942 vir hierdie doel vasgestel was.

8. Dusdanig vasgestel, is die kwotas van die Provinsies vir die doel van Volksraad-verkiesings en van Provinsiale Raadverkiesings in Kaapland en Transvaal, as volg:—

Kaapland	8,905
Natal	7,515
Transvaal	7,956
Oranje-Vrystaat	7,846

Die verskil tussen die syfer vir Kaapland en die syfers van die ander Provinsies is grotendeels toe te skryf aan die feit dat, terwyl die getal lede van die Volksraad vir 'n Provinsie volgens artikel 41 (2) van die Zuid-Afrika Wet, soos gewysig, bepaal word met inagneming van die getal blanke volwasse Unieburgers van daardie Provinsie, die kwota van die Provinsie, volgens artikel 40 van die Zuid-Afrika Wet soos gewysig by artikel 22 van Wet No. 20 van 1940, bepaal moet word met inagneming van die totale getal kiesers van watter ras ook al in daardie Provinsie. Met uitsondering van die naturelle wat kragtens die bepalings van Wet No. 12 van 1936 en die regulasies daarvolgens opgestel, as kiesers geregistreer is, is daar 43,093 nie-blanke kleurlingkiesers in die Kaapprovinsie. As hierdie kleurlingkiesers nie in aanmerking geneem moes word nie, sou die kwota per afdeling vir die Kaapprovinsie 8,135 gewees het in plaas van 8,905. Die Kaapprovinsie moet dus drie setels verloor terwyl sy kwota, soos bereken volgens die bepalings van die Grondwet, vasgestel is op 'n syfer wat dié van enige ander Provinsie met ongeveer 1,000 oortref. Dit is te wyte aan die feit dat, terwyl sy kleurlingkiesers nie in aanmerking kom vir die toewysing van setels nie, hulle wel in aanmerking kom by die berekening van die provinsiale kwota.

5. The 1941 census gave the following numbers of European adult Union Nationals within the four Provinces of the Union:—

Cape	464,175
Natal	130,381
Transvaal	523,071
Orange Free State	111,903
	1,229,530

The Cape figures include 380 European adult Union Nationals at Walvis Bay. Notwithstanding the provision of section 1 of Act No. 24 of 1922 and section 43 of Act No. 42 of 1925, placing it within the administration of the Mandated Territory of South West Africa, Walvis Bay is still part of the Union, and the Commission is in agreement with the decisions of the Sixth and Seventh Delimitation Commissions that the persons at Walvis Bay having qualifications as European adult Union Nationals must be included within the figures of the Cape Province for the purpose of determining that Province's position in relation to the proportion of its representation in the House of Assembly and consequently the Provincial Council. As pointed out by the Seventh Delimitation Commission in paragraph 8 of their report, it is certainly an anomaly that the number of European adult Union Nationals resident in Walvis Bay should be capable of affecting the Cape representation in the Union legislature for which those nationals are not registered as voters and in which they can have no representation, but this does not alter the legal position. It may be added, however, that whether taken into account or not, the 380 persons enumerated at the 1941 census as European adult Union Nationals at Walvis Bay would not, on the present occasion, affect the number of electoral divisions to be allotted to the Cape Province.

6. The method of ascertainment described by section 41 (2) of the South Africa Act, as amended, results in the allotment to the Cape of fifty-six members for the House of Assembly, to Natal of sixteen, to the Transvaal of sixty-four and to the Orange Free State of fourteen—a decrease of three members in the Cape and of one member in the Orange Free State, with a corresponding increase of four in the Transvaal, the Natal figure in this respect remaining unchanged. In terms of section 71 there must be a corresponding change of the number of members of the Provincial Council in the Cape and Transvaal, but in Natal and the Orange Free State the number of members of the Provincial Council remains twenty-five.

The Ascertainment of Provincial Quotas per Electoral Division.

7. The Commission is required by section 41 (3) of the South Africa Act (as substituted by section 2 of the Electoral Quota Consolidation Act, 1942) in dividing a Province into electoral divisions, to follow the provisions of section 40 of the Act which in sub-section 1 (as substituted by section 22 of Act No. 20 of 1940) provides that the quota of each Province shall be obtained by dividing the total number of voters in the Province as ascertained from an examination of the current voters' lists by the number of members of the House of Assembly to be elected therein. A further provision of the sub-section relating to the voters' lists in a year in which a biennial registration is commenced is of no concern here, since there was no biennial registration in 1942. The Commission has in this connection deemed the current voters' lists to be the 1941 main voters' lists and the January, 1942, supplementary voters' lists, as adjusted by the returns received under section 22 (4) of the Electoral Act No. 12 of 1918, as amended, up to and including the month of May, 1942. It would have impeded the work of the Commission and delayed its conclusions if, for this purpose, any later date than May, 1942, had been fixed.

8. Thus ascertained the quotas of the Provinces for the purpose of House of Assembly elections and in the Cape and Transvaal of Provincial Council elections are as follows:—

Cape	8,905
Natal	7,515
Transvaal	7,956
Orange Free State	7,846

The disparity between the figure for the Cape and those of the other Provinces is largely ascribable to the fact that while the number of members of the House of Assembly for a Province is ascertained, in terms of section 41 (2) of the South Africa Act, as amended, by reference to the number of its European adult Union Nationals, the quota of a Province is, in terms of section 40 of the South Africa Act, as amended by section 22 of Act No. 20 of 1940, to be determined by reference to the total number of voters in that Province of whatever race. The non-European coloured voters in the Cape Province, excluding natives registered as voters under the provisions of Act No. 12 of 1936 and the regulations framed thereunder, number 43,093. Had these not to be taken into consideration, the quota per division for the Cape Province would have been 8,135 instead of 8,905. The Cape Province is thus in the position of having to lose three seats, while its quota, ascertained under provisions of the Act of Union, is fixed at a figure exceeding that of any other Province by about 1,000. This is due to the fact that, while its coloured voters do not count for the purpose of the allotment of seats, they are taken into account in arriving at the Provincial quota.

9. Kragtens verskeie Natalse voor-Unie-stemregwette is daar 'n aantal nie-blanke manlike kiesers in Natal, maar hulle tel slegs 654.

Die getal blanke volwasse Unieburgers wat nie as kiesers geregistreer is nie.

10. In paragraaf 20 van sy verslag vestig die Sewende Afbakeningskommissie die aandag op die verskil tussen die getal blanke volwasse Unieburgers soos by die volkstelling van 1936 verkry, en die getal van hierdie burgers wat as kiesers in die toe geldige kieserslyste geregistreer was. Dit was veral opmerklik in Natal en Transvaal. Onderstaande tabelle illustreer vergelykenderwys die aansienlike verbetering wat in hierdie verband plaasgevind het:—

Sewende Afbakening (1937).

Provinsie.	Getal blanke volwasse Unieburgers (Sensus van 1936).	Getal blanke volwasse Unieburgers as kiesers geregistreer.	Persentasie-verskil.
Kaapland.....	440,215	417,536	5·151
Natal.....	116,606	93,604	19·726
Transvaal.....	447,181	359,749	19·551
Oranje-Vrystaat.....	110,596	109,822	0·699
	1,114,598	980,711	

Agste Afbakening (1942).

Provinsie.	Getal blanke volwasse Unieburgers (Sensus van 1941).	Getal blanke volwasse Unieburgers as kiesers geregistreer.	Persentasie-verskil.
Kaapland.....	464,175	455,589	1·849
Natal.....	130,381	119,597	8·271
Transvaal.....	523,071	509,188	2·726
Oranje-Vrystaat.....	111,903	109,841	1·877
	1,229,530	1,194,215	

11. Die verbetering in die huidige posisie is eerstens daaraan toe te skryf dat die registrasie van blanke volwasse Unieburgers as kiesers nou, kragtens artikel *twee* van die Wet tot Wysiging van Kieswette, 1940, verpligtend is, en tweedens dat registrasiewerk deur die hele Unie tans uitgevoer word deur spesiaal opgeleide kiesbeamptes wat aan tien verskillende plekke binne die Unie vir diens toegewys is. Die huidige verskil tussen die getalle wat in die sensusopgawes van 1941 verstrek is, en die getalle wat as kiesers geregistreer is, ontstaan eerstens deurdat 'n aantal persone wat anders stemgeregtig sou wees, ingevolge artikels 3 en 4 van Wet No. 41 van 1931 vir registrasie gediskwalifiseer is weens veroordelings tot gevangenisstraf of weens geestesgebreke, en tweedens, deurdat 'n aantal persone om sekere redes opsetlik registrasie ontduik; en, eindelik, deurdat 'n klein aantal blanke volwasse Unieburgers nie geregistreer kan word nie omdat hulle nie aan die verblyfskwalifikasie kan voldoen nie.

Wysiging van afdelingskwotas.

12. Soos reeds in paragraaf 8 vermeld is, is die kwota vir die Kaapprovinsie 8,905, dié vir Natal 7,515, dié vir Transvaal 7,956 en dié vir die Oranje-Vrystaat 7,846. By artikel 40 (2) van die Zuid-Afrika Wet word beapal:—

> „ Ieder provincie wordt verdeeld in kiesafdelingen, in dier voege dat het aantal kiezers in elke afdeling, behoudens het bepaalde bij onderartikel (3) van dit artikel, zo na mogelik gelijk staat met de quota van de provincie." Subartikel (3) verg dat die Kommissie behoorlike oorweging moet gee aan—
>
> (*a*) „ Gemeenschap of verschil van belangen;
> (*b*) middelen van verkeer;
> (*c*) natuurlike kenmerken;
> (*d*) bestaande kiesgrenzen;
> (*e*) dunheid of dichtheid van bevolking;
>
> op zodanige wijze dat, hoewel de quota van kiezers de grondslag van verdeling vormt, de Kommissarissen nochtans desvereist daarvan mogen afwijken, in geen geval echter meer dan viiftien percent boven of vijftien percent beneden de quota."

13. Ter voldoening aan hierdie voorskrif het die Kommissie veral gelet op natuurlike gesteldheid, ylheid of digtheid van bevolking, eenheid of verskil van belange en verkeersmiddele. Af en toe het die wenslikheid vir die behoud van 'n besondere grens, gepaard met die feit dat dit onmoontlik was om elders geleentheid vir vergoeding te vind, daartoe gelei dat die persentasie belading of ontlading ietwat verskil het van dié wat die Kommissie normalerwys sou vasstel.

14. Twaalf van die Witwatersrandse afdelings is met tussen 10 en 12.6 persent belaai en agt met tussen 9 en 10 persent; die ander twaalf is met ietwat minder as 9 persent belaai, behalwe dat Wes-Rand, Nigel en Noord-Rand, vanweë hul uitgestrektheid en yl bevolking, met onderskeidelik slegs 5.7 persent, 2.9 persent en 2.3 persent belaai is. In die Transvaalse plattelandse gebiede het die Kommissie hom verplig gevoel om die kiesafdelings Waterberg, Marico, Lichtenburg, Pietersburg, Zoutpansberg, Lydenburg, Barberton en Christiana grootliks te ontlaai en die syfers strek van 15 persent onder die kwota in die geval van Waterberg en Marico

9. There is a non-European male vote in Natal consequent upon various pre-Union franchise laws of Natal, but the number amounts only to 654.

The Number of European Adult Union Nationals not registered as Voters.

10. In paragraph 20 of its report, the Seventh Delimitation Commission called attention to the disparity between the number of European adult Union Nationals returned at the 1936 Census and the number of them registered as voters in the then current voters' lists. This was specially noticeable in Natal and the Transvaal. The following tables illustrate by comparison the very considerable improvement which has taken place in this respect:—

Seventh Delimitation (1937).

Province.	Number of European Adult Union Nationals (1936 Census).	Number of European Adult Union Nationals Registered as Voters.	Percentage of Difference.
Cape.....	440,215	417,536	5·151
Natal.....	116,606	93,604	19·726
Transvaal.....	447,181	359,749	19·551
Orange Free State.....	110,596	109,822	·699
	1,114,598	980,711	

Eighth Delimitation (1942).

Province.	Number of European Adult Union Nationals (1941 Census).	Number of European Adult Union Nationals Registered as Voters.	Percentage of Difference.
Cape.....	464,175	455,589	1·849
Natal.....	130,381	119,597	8·271
Transvaal.....	523,071	509,188	2·726
Orange Free State.....	111,903	109,841	1·877
	1,229,530	1,194,215	

11. The improvement in the present position is due firstly to the fact that registration of European adult Union Nationals as voters is now, in terms of section *two* of the Electoral Laws Amendment Act, 1940, compulsory, and secondly to registration duties throughout the Union being now performed by specially trained electoral officers assigned for duty at ten different points within the Union. Facts influencing the present difference between the numbers returned under the Census of 1941 and the numbers registered as voters are firstly that a number of persons otherwise eligible are, in terms of sections 3 and 4 of Act No. 41 of 1931, disqualified for registration by reason of sentences of imprisonment or of mental disorders; secondly that there are a number who, for certain reasons, deliberately evade registration; and finally that a small number of European adult Union Nationals fail to secure registration because of their inability to comply with the residential qualification.

Modification of Divisional Quotas.

12. As has been stated in paragraph 8, the quota for the Cape Province is 8,905, for Natal, 7,515, for the Transvaal, 7,956 and for the Orange Free State 7,846. It is enacted by section 40 (2) of the South Africa Act that each Province shall be divided into electoral divisions in such a manner that each such division shall, subject to the provisions of sub-section (3) of the section, contain a number of voters as nearly as may be equal to the quota of the Province. Subsection (3) requires the Commission to give due consideration to—

(*a*) community or diversity of interests;
(*b*) means of communication;
(*c*) physical features;
(*d*) existing electoral boundaries;
(*e*) sparsity or density of population;

in such manner that, while taking the quota of voters as the basis of division, the Commissioners may, whenever they deem it necessary, depart therefrom, but in no case to any greater extent than fifteen per centum more or fifteen per centum less than the quota.

13. In complying with this direction physical features, sparsity or density of population, community or diversity of interests and means of communication have been the main factors influencing the Commission. Occasionally the strong desirability of maintaining a particular boundary has, together with the impossibility of finding compensatory provision elsewhere, resulted in a percentage figure of loading or unloading slightly variant from that which the Commission would ordinarily have fixed.

14. Twelve of the Witwatersrand divisions have been loaded to the extent of between 10 and 12.6 per cent.; in eight the load is between 9 and 10 per cent.; the remaining twelve carry loads slightly below 9 per cent., save that West Rand, Nigel and North East Rand have, because of their large extent and their lack of density of population, been given lighter loads of 5.7 per cent., 2.9 per cent., and 2.3 per cent., respectively. In the Transvaal rural areas the Commission felt compelled heavily to unload the divisions of Waterberg, Marico, Lichtenburg, Pietersburg, Zoutpansberg, Lydenburg, Barberton and Christiana, the figures ranging from 15 per cent. below quota in the case of Waterberg and Marico

tot 13.9 persent in die geval van Christiana. Die gemiddelde syfer vir die vyf-en-twintig plattelandse kiesafdelings van Transvaal is 13.2 persent onder die kwota.

15. Van die ses-en-vyftig kiesafdelings in die Kaapprovinsie kan gesê word dat twintig stedelik en ses-en-dertig plattelands van aard is. Die gemiddelde belading van eersgenoemde is ongeveer 9 persent en die gemiddelde ontlading van laasgenoemde 5 persent; Namakwaland, Calviania, Prieska, Beaufort-Wes, Victoria-Wes, Kuruman, Temboeland en Griekwaland-Oos is almal met van 12 persent tot 14.6 persent ontlaai.

16. 'n Mate van kritiek is uitgespreek in verband met die hoë graad van ontlading van Transvaalse plattelandse afdelings vergeleke met dié wat vir plattelandse afdelings in Kaapland vasgestel is. Klaarblyklik moet hierdie ongelykheid verklaar word deur die groter getal stedelike teenoor plattelandse afdelings in Transvaal. In hierdie Provinsie is daar nege-en-dertig stedelike en vyf-en-twintig plattelandse afdelings, terwyl slegs twintig afdelings in die Kaapprovinsie as stedelik beskryf kan word, teenoor ses-en-dertig plattelandse afdelings. In elke Provinsie moet die gesamentlike belading gelyk wees aan die gesamentlike ontlading en gevolglik kon die Transvaalse plattelandse afdelings toegeefliker as die Kaaplandse plattelandse afdelings behandel word.

17. In Natal is die Durban-gebied (met uitsondering van Pinetown) vir Volksraadsdoeleindes met gemiddeld 12.5 persent belaai. Pietermaritzburg-Stad is met 9 persent belaai. Die belading wat die stedelike gebiede aldus opgelê is, het die ooreenstemmende gesamentlike ontlading van die plattelandse gebiede, wat gewissel het van 4.3 persent in die geval van Pinetown tot 14.8 persent in die geval van Vryheid, moontlik gemaak.

18. In die Oranje-Vrystaat is Bloemfontein-Stad 'n belading van 14.1 persent opgelê en Bloemfontein-Distrik 'n belading van 10.3 persent. Die afdelings Bethlehem, Kroonstad, Harrismith, Frankfort en Winburg is klein beladings opgelê wat gewissel het van 2.3 persent in die geval van eersgenoemde tot 0.2 persent in dié van laasgenoemde. Die aldus opgelegde beladings het die Kommissie in staat gestel om die kiesafdelings Boshof, Smithfield, Fauresmith, Hoopstad, Vredefort, Heilbron en Ladybrand te ontlaai vanaf 9.2 persent in die geval van eersgenoemde tot 0.3 persent in dié van laasgenoemde.

Toename van stedelike kiesers.

19. By die sensus van 1936 is 1,114,598 blanke volwasse Unieburgers opgegee en die kieserslyste wat by die onmiddellik daaropvolgende, d.w.s., die Sewende, Afbakening geldig was, het 980,711 kiesers aangetoon. By die sensus van 1941 is 1,229,530 blanke volwasse Unieburgers opgegee; die kieserslyste wat geldig was toe die Kommissie met sy beraadslagings begin het en wat tot grondslag van die huidige afbakening dien, toon 1,194,215 kiesers. Met inagneming van die beter registrasiestelsel waarop die aandag in paragraaf 11 gevestig is, toon die syfers 'n aansienlike toename in die getal blanke volwasse Unieburgers op die kieserslys. Hierdie toename is hoofsaaklik beperk tot die groot stedelike gebiede; daar was geen opmerklike toename in die getal kiesers in die plattelandse gebiede nie. Trouens, in baie plattelandse gebiede was daar afnames.

Die verdeling van kiesafdelings binne die Provinsies.

20. In die Kaapprovinsie het die syfers van die Kaapse Skiereiland die skepping van 'n addisionele stedelike setel in daardie gebied nodig gemaak. Aangesien die Provinsie as geheel drie setels verloor het, moes daar gevolglik vier plattelandse afdelings afgeskaf word. Die getal kiesers in die kiesgebiede van Port Elizabeth en Oos-Londen het in geen van beide gevalle sodanig toegeneem dat dit die stigting van 'n addisionele afdeling geregverdig het nie, maar in die geval van Port Elizabeth moes 2,975 kiesers, en in dié van Oos-Londen, 2,717 kiesers afgegee word, met die gevolg dat albei stedelike kiesgebiede in oppervlakte verminder het.

21. Die stemkrag in die kiesgebied van die Witwatersrand het sedert die afbakening van 1937 sodanig toegeneem dat ses addisionele kiesafdelings daarin gestig moes word. In die kiesgebied van Pretoria het die syfers die skepping van een setel aldaar vereis. Ofskoon Transvaal dus vier setels bykry, moet die gebied buite die kiesgebiede van die Witwatersrand en Pretoria drie kiesafdelings afgee.

22. In Natal het die toename in die getal kiesers binne die gebied van Durban vir beide die Volksraad en die Provinsiale Raad die stigting van een nuwe afdeling van half-stedelike aard, noord en wes van die stad, nodig gemaak en gevolglik moes een Volksraadsetel en een Provinsiale Raad-setel elders afgeskaf word.

23. In die Oranje-Vrystaat het die toename van kiesers in die twee stedelike Volksraadkiesafdelings in Bloemfontein dit nodig gemaak om kiesers uit daardie gebied aan die platteland af te staan, met die gevolg dat hierdie twee kiesafdelings in oppervlakte afgeneem het. Hierdie toename het ten opsigte van die Provinsiale Raad die uitwerking gehad dat 'n nuwe Provinsiale Raad-setel, wat ons Bloemfontein-Distrik genoem het, geskep moes word. Gevolglik moes een plattelandse Provinsiale Raad-afdeling afgeskaf word.

Keuse van plattelandse afdelings vir afskaffing.

24. Waar dit derhalwe nodig geword het om plattelandse afdelings af te skaf, was dit besonder moeilik om te bepaal op watter afdelings die keuse moes val. Ons is nie voornemens om al die faktore wat by die beslissing oor so'n

to 13.9 per cent. in the case of Christiana. The average figure for the twenty-five rural divisions of the Transvaal is 13.2 per cent. below quota.

15. Of the fifty-six divisions of the Cape Province twenty may be said to be urban and thirty-six rural in character, the former have been given an average load of approximately 9 per cent. The average unload of the latter is 5 per cent. The divisions of Namaqualand, Calvinia, Prieska, Beaufort West, Victoria West, Kuruman, Tembuland and East Griqualand have all been unloaded to an extent varying from 12 per cent. to 14.6 per cent.

16. Some criticism has been heard of the high degree of unloading in the Transvaal rural divisions as compared with that fixed for the Cape rural divisions. Obviously the explanation of any such disparity is the preponderance in number of urban divisions over rural divisions in the Transvaal. In that Province there are thirty-nine of the former and twenty-five of the latter, whereas in the Cape Province only twenty divisions may be described as urban while there are thirty-six rural divisions. In each Province the aggregate load imposed must equal the aggregate unload and consequently there was a wider scope for liberal treatment available to the Transvaal rural divisions than could be found for the Cape rural divisions.

17. In Natal the Durban area (excluding Pinetown) has, for House of Assembly purposes, been loaded to an average of 12.5 per cent. Pietermaritzburg City was loaded 9 per cent. The load thus given to the urban areas permitted the corresponding aggregate unload to the rural areas which ranged from 4.3 per cent. in the case of Pinetown to 14.8 per cent. in the case of Vryheid.

18. In the Orange Free State a load of 14.1 per cent. was imposed upon Bloemfontein City and a load of 10.3 per cent. upon Bloemfontein District. Small loads have been imposed upon the divisions of Bethlehem, Kroonstad, Harrismith, Frankfort and Winburg, ranging from 2.3 per cent. in the case of the first named to .2 per cent. in the case of the last named. The loading thus imposed enabled the Commission to unload the divisions of Boshof, Smithfield, Fauresmith, Hoopstad, Vredefort, Heilbron and Ladybrand to an extent which ranged from 9.2 per cent. in the case of the first-named to .3 per cent. in the case of the last-named.

Increase of Urban Voters.

19. At the 1936 Census 1,114,598 European adult Union Nationals were enumerated and the voters' lists current at the immediately succeeding, i.e., the Seventh, Delimitation showed 980,711 voters. At the 1941 Census 1,229,530 European adult Union Nationals were enumerated; the voters' lists which were current when the Commission commenced its deliberations and which form the basis of the present delimitation show 1,194,215 voters. Allowing for the improved registration to which attention has been called in paragraph 11, the figures show a substantial increase in the number of European adult Union National voters. This increase has, for the greater part, been confined to the large urban areas; there has been no notable increase of voters in the rural areas. Indeed in many rural areas there have been decreases.

The Apportionment of Electoral Divisions within the Provinces.

20. In the Cape Province the figures of the Cape Peninsula required the constitution of one additional urban seat in that area. Hence, since the Province as a whole lost three seats, four rural divisions had to disappear. The increase of voters in the electoral areas of Port Elizabeth and East London was not in either case such as to justify the creation of an extra division, but in the case of Port Elizabeth 2,975 voters, and in the case of East London 2,717 voters, had to be given off, with a resulting curtailment in each case of the boundaries of the urban electoral area.

21. The area within the electoral boundaries of the Witwatersrand has, since the 1937 delimitation, increased in voting strength to such an extent as to require the constitution in that area of six additional divisions. The figures within the Pretoria electoral area required the addition there of one seat. Consequently, notwithstanding that the Transvaal secures an increase of four seats, the area outside the Witwatersrand and Pretoria electoral boundaries must lose three divisions.

22. In Natal the increase of the vote in the Durban area has required the constitution both for the House of Assembly and the Provincial Council of one new division of semi-urban character north and west of the city, and this necessitated the deletion of one of each such divisions elsewhere.

23. In the Orange Free State the increase of voters in the two urban House of Assembly electoral divisions of Bloemfontein required the surrender by that area of votes to the country, with a consequent curtailment of the electoral boundaries of those two divisions. This increase operated in respect of the Provincial Council in such a way as to require the constitution of a new Provincial Council seat, which we have named Bloemfontein District. As a result of this, one rural Provincial Council division had to be eliminated.

Selection of Rural Divisions for Elimination.

24. Where rural divisions were thus required to be eliminated, the matter of the selection of them was one of considerable difficulty. We do not propose to endeavour to enumerate all the factors for consideration in the decision

kwessie in oorweging geneem is, te probeer uiteensit nie. In die eerste plek, wanneer die getal kiesers van 'n groep afdelings in 'n bepaalde gedeelte van 'n Provinsie omtrent net genoeg is vir 'n getal setels wat een minder as die bestaande getal is, behoort een van daardie afdelings te verdwyn; en as een van daardie afdelings geografies van 'n ongelyksoortige aard is of uit gedeeltes bestaan wat geen gemeenskaplike belange het nie of waarvan die stemkrag aanmerklik ontoereikend is, sal dit die afdeling wees wat gewoonlik gekies sal word. Dit is veral die geval waar die verskillende gedeeltes belange gemeen het met aangrensende gebiede waarin hulle vir doeleindes van parlementêre verteenwoordiging gerieflik opgeneem kan word. Dan ook, waar meer as een setel afgeskaf moet word, sal dit gevoeglik bevind word om die keuse op geografise grondslag te doen en dit nie tot 'n enkele gebied te beperk nie. Ofskoon die Kommissie homself nie as gebonde aan vaste reëls beskou het nie, het hy in die moeilike taak om plattelandse gebiede vir afskaffing te kies, hierdie beginsels probeer voor oë hou. Besonderhede van die herreëlings wat die vermeerdering of vermindering van die getal afdelings, waarna in paragrawe 20 tot 23 verwys word, meegebring het, sal later in hierdie verslag onder die hoofde van die besondere betrokke Provinsies gegee word.

Bepaling van kiesafdelingsgrense.

25. Aangesien die stemkrag in plattelandse afdelings oor die algemeen so aanmerklik onder die kwota was, moes die tans bestaande grense van sulke kiesafdelings aansienlik verander word en was daar haas nie 'n afdeling waarvan die oppervlakte onveranderd gelaat kon word nie. Oral waar dit uitvoerbaar geblyk het, het ons die bestaande afdelingsgrense behou; ook het ons die wenslikheid om die grense van kiesafdelings en magistraatsdistrikte te laat saamval, nie uit die oog verloor nie, want ons het besef watter administratiewe moeilikhede dit sou oplewer as die gebied van 'n magistraatsdistrik in twee of meer kiesafdelings verdeel word. In baie gevalle is ons egter deur die kwotavereistes verplig om van sekere grenslyne af te wyk wat ons anders graag as kiesafdelingsgrense sou wou aangeneem het. Afwykings van die grenslyne van magistraatsdistrikte is meer opvallend gemaak deur die feit dat die Sewende Afbakeningskommissie hom met welslae naarstiglik beywer het om die grense van magistraatsdistrikte en kiesafdelings te laat saamval.

26. Aangesien Kaapland en Transvaal dieselfde getal Volksraad- en Provinsiale Raad-lede het, val die grense van die kiesafdelings vir elke liggaam saam. Natal en die Oranje-Vrystaat geniet nie hierdie voordeel nie, daar die getal Provinsiale Raad-lede by artikel 71 van die Zuid-Afrika Wet op 25 vasgestel is. Gevolglik is daar in dié Provinsies baie gebiede wat vir Volksraadsdoeleindes in een afdeling en vir Provinsiale Raad-doeleindes in 'n ander val. Die weinige wat gedoen kon word, het die Kommissie ter verhelping van hierdie nadeel gedoen.

TRANSVAAL.

Volksraad en Provinsiale Raad.

Die verdeling van die Provinsie in kiesafdelings en die toewysing van setels.

27. Die totale getal kiesers wat op 31 Mei 1942 in die Provinsie Transvaal geregistreer was, was 509,188. Soos vermeld in paragraaf 6, is die Provinsie geregtig op 'n toewysing van 64 setels in elke wetgewende liggaam. Sover dit die Volksraad betref, beteken dit 'n wins van vier setels, drie ten koste van die Kaapprovinsie en die vierde ten koste van die Oranje-Vrystaat.

28. By oorweging van die vraagstuk van die behoorlike toewysing van hierdie 64 setels, het die Kommissie in hoofsaak die stand van sake aanvaar—waarvolgens vorige Kommissies gehandel het—dat die Provinsie Transvaal vir afbakeningsdoeleindes beskou moes word as bestaande uit drie onderskeie gebiede, nl.: (*a*) die gebied wat die huidige ses-en-twintig kiesafdelings op die Witwatersrand met 277,598 geregistreerde kiesers omvat; (*b*) dié wat die huidige ses stedelike kiesafdelings in Pretoria, nl., Pretoria-Stad, Pretoria-Sentraal, Pretoria-Wes, Pretoria-Oos, Gezina en Wonderboom met 60,293 geregistreerde kiesers omvat; en (*c*) dié wat die ander 28 plattelandse kiesafdelings met 171,297 geregistreerde kiesers omvat. Op 'n vroeë stadium van die Kommissie se verrigtinge in Pretoria is aan die hand gedoen dat hierdie verdeling van die Provinsie enigsins gewysig moes word deur Stemdistrikte Nos. 400, 401 en 404, wat 'n totale stemkrag van 1,410 het, van die kiesafdeling Wonderboom na die plattelandse kiesafdeling Pretoria-Distrik oor te plaas. Hierdie stemdistrikte is hoofsaaklik van plattelandse aard en het tot op die tydstip waarop hulle in 1937 na Wonderboom oorgeplaas is, aan Pretoria-Distrik behoort; genoemde oorplasing is uitsluitlik gedoen om laasgenoemde kiesafdeling te vergoed vir die getal kiesers wat dit ter aanvulling van tekorte in die kiesafdeling Gezina verloor het. Hierdie voorstel was redelik en is deur die Kommissie aanvaar.

29. Die Kommissie het hom die moeite getroos om vas te stel of die gebied van die bestaande ses-en-twintig Witwatersrandse setels uitgebrei of ingekort moes word. Hierdie vraagstuk het betrekking gehad op die gedeeltelike uitskakeling van die verskille tussen die gemiddelde stemkrag van die setels in hierdie gebied en dié van die verskillende plattelandse kiesafdelings. Daar is aan die hand gedoen (1) of such a question. Primarily, when a group of electoral divisions in a particular portion of a Province has voters in strength approximately only sufficient for seats one less in number, one of those divisions should disappear; and if one of those divisions be geographically of heterogeneous character or composed of portions not exhibiting community of interest or be markedly deficient in voting strength, that division will in general be the one chosen. Particularly will this be the case where the interests of the various portions find community with adjoining areas into which they can conveniently be embodied for the purpose of parliamentary representation. Again, in general, where more than one seat calls for abolition it will be found proper that the choice should be geographically distributed and not confined to one particular area. While not holding itself bound by any fixed rules, the Commission has endeavoured, in carrying out the difficult task of selecting rural areas for elimination, to bear in mind these principles. Particulars of the adjustments necessitated by the increases or decreases of divisions referred to in paragraphs 20 to 23 will be given later in this report under the headings of the particular Provinces affected.

Determining of Electoral Boundaries.

25. The substantial deficiencies in quota found generally in the rural divisions have necessitated considerable alterations of the presently existing electoral boundaries of those divisions and there was hardly a division whose area could remain unaltered. We have wherever practicable adhered to existing electoral boundaries and have not lost sight of the desirability of making the boundaries of electoral and magisterial divisions coincident, for we realise the administrative difficulties attendant upon the distribution of the area of a magisterial district among two or more electoral divisions. In a great number of cases, however, we have been compelled by the requirements of the quota to depart from lines which otherwise we would have been glad to adopt as electoral boundaries. Divergencies from magisterial boundaries have been more marked by reason of the fact that the Seventh Delimitation Commission successfully devoted much effort towards making magisterial and electoral boundaries concur.

26. In the Cape and the Transvaal, since the number of members for the House of Assembly equals those in the Provincial Council, the electoral boundaries of divisions for each body coincide. In Natal and the Orange Free State, since the number of members of the Provincial Council is, by section 71 of the South Africa Act, fixed at 25, this advantage is not enjoyed. In consequence there are in those Provinces many areas which for House of Assembly purposes are attached to a division outside of which for Provincial Council purposes it falls. The Commission has done what little was possible to obviate this disadvantage.

TRANSVAAL.

House of Assembly and Provincial Council.

The Division of the Province Electorally and the Allocation of Seats.

27. The total number of voters registered in the Transvaal Province as at 31st May, 1942, was 509,188. As stated in paragraph 6, the Province is entitled to be assigned 64 seats in each legislature. In so far as concerns the House of Assembly, this represents a gain of four seats, three at the expense of the Cape Province, the fourth at that of the Orange Free State.

28. In considering the problem of the proper allocation of these 64 seats the Commission in substance accepted the position—acted upon by previous Commissions—that the Transvaal Province should be regarded for delimitation purposes as consisting of three distinct areas—(*a*) that comprising the present twenty-six electoral divisions on the Witwatersrand with 277,598 registered voters, (*b*) that comprising the present six Pretoria urban electoral divisions—viz., Pretoria City, Pretoria Central, Pretoria West, Pretoria East (Gezina and Wonderboom with 60,293 registered voters, and (*c*) that comprising the remaining 28 rural electoral divisions with 171,297 registered voters. At an early stage of the Commission's proceedings in Pretoria it was suggested that this division of the Province should be modified to some extent by a transfer from the constituency of Wonderboom to the rural constituency of Pretoria District of Polling Districts Nos. 400, 401 and 404, possessing a total voting strength of 1,410. These polling districts are essentially rural in character and had belonged to Pretoria District until their transfer in 1937 to Wonderboom solely in order to compensate this latter constituency for losses sustained in supplementing deficiencies in Gezina constituency. This suggestion was reasonable and was accepted by the Commission.

29. The Commission was at pains to ascertain whether the area of the existing twenty-six Witwatersrand seats should be increased or decreased, a problem which bore upon the question of mitigating the disparity between the average voting strength of the seats in this area and that of the

dat die myngebied Venterspost op die Verre Wes-Rand ingesluit en (2) dat sekere klein landbougebiede in Johannesburg-Noord uitgesluit moes word. Op nie een van die twee voorstelle is sterk aangedring nie. Ten opsigte van die eerste was die Kommissie van mening dat die tyd nog nie vir so'n insluiting ryp was nie; dit sou nie die toewysing van nog 'n setel aan die Witwatersrandse gebied veroorloof nie en sou gevolglik slegs die uitwerking hê dat bogenoemde verskille op hierdie stadium vergroot word. Ten opsigte van die tweede is die gebiede waarna verwys is, betreklik onbeduidend en hoewel hulle van landboukundige aard is, is hulle wat belange betref, aan die stedelike gebiede van die Witwatersrand verwant.

30. Die gevolg is dat die enigste veranderings in die algemene skema van provinsiale verdeling die oorplasing van die drie Stemdistrikte Nos. 400, 401 en 404 van Wonderboom na Pretoria-Distrik, en die oorplasing van die oorblywende klein gedeelte van die dorp Noycedale van die setel Heidelberg na die nuwe setel Nigel is.

31. Die toename in die aantal kiesers in die kiesgebied van Pretoria het dié gebied ongetwyfeld op die toewysing van een addisionele setel geregtig gemaak, wat die totaal op sewe te staan bring. Die Kommissie moes gevolglik besluit of hy aan die Witwatersrandse gebied twee-en-dertig dan wel drie-en-dertig setels moes toewys. (*a*) As twee-en-dertig setels aldus toegewys word, sou die toewysing van altesame nege-en-dertig setels aan die stedelike gebiede van die Witwatersrand en Pretoria saam (waar laasgenoemde deur die oorplasing van voornoemde Stemdistrikte Nos. 400, 401 en 404 kleiner gemaak is) tot gevolg hê dat die gemiddelde stemkrag in elk van hierdie nege-en-dertig stedelike kiesafdelings op 8,628 vasgestel word, d.w.s., 'n belading van 8.4 persent bo die kwota, en die gemiddelde stemkrag van elk van die ander vyf-en-twintig plattelandse kiesafdelings op 6,908, d.w.s., 'n ontlading van 13.2 persent onder die kwota. (*b*) As drie-en-dertig setels aldus toegewys word, sou die veertig stedelike kiesafdelings gemiddeld 8,412 kiesers hê, 'n belading van 6 persent bo die kwota, en die vier-en-twintig plattelandse kiesafdelings, 7,196 kiesers, d.w.s., 9.5 persent onder die kwota.

32. Op die Kommissie se openbare openingsvergadering in Pretoria was die drie politieke partye wat daar verteenwoordig was, dit blykbaar eens dat die voorstel volgens grondslag (*a*) hierbo die wenslikste was. Hoewel die verteenwoordigers van minstens een politieke party hierdie posisie in Johannesburg nie eenparig aanvaar het nie, was die Kommissie die mening toegedaan dat die betreklike verskille tussen plattelandse en stedelike stemkrag van die twee skemas (d.w.s., tussen 8.4 persent plus en 13.2 persent minus enersyds, en tussen 6 persent plus en 9.5 persent minus andersyds) aangetoon het dat grondslag (*a*) die billikste en wenslikste was. Die gevolg is dus dat die Kommissie besluit het dat—(1) twee-en-dertig setels aan die Witwatersrandse gebied toegewys moes word; (2) sewe setels aan die bestaande stedelike kiesgebied van Pretoria, met uitsondering van Stemdistrikte Nos. 400, 401 en 404, toegewys moes word; en (3) vyf-en-twintig setels aan die plattelandse gebiede van die Provinsie Transvaal, met laasgenoemde drie stemdistrikte daaraan toegevoeg, toegewys moes word.

Afskaffing van drie Transvaalse plattelandse kiesafdelings.

33. Op hierdie grondslag het die Kommissie met die moeilike taak begin om drie Transvaalse plattelandse setels vir afskaffing uit te soek. Hierdie drie setels, tesame met die vier setels wat die Provinsie ten koste van die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat verkry het, sou dan vir die toewysing van ses nuwe setels aan die Witwatersrandse gebied en een nuwe setel aan Pretoria voorsiening maak. Klaarblyklik sou geografiese oorwegings grotendeels so'n keuse bepaal—een setel in die noorde, een in die ooste en een in die weste sou moes verdwyn, ten einde vir die tekort aan stemkrag in elk van hierdie verskillende streke te vergoed.

34. In die westelike gebied lewer Christiana, Delarey en Lichtenburg gesamentlik genoeg kiesers vir slegs twee setels op, elk ongeveer 7 persent onder die kwota. Met die gesamentlike toestemming van die drie politieke partye wat menings oor die saak uitgespreek het, is besluit om Delarey af te skaf; dit is 'n afdeling wat in 1923 deur die Vierde Afbakeningskommissie gestig is deur stemdistrikte noord van Christiana en in die omgewing van Schweizer-Reneke saam te groepeer, en waarvan die syfers 36.36 persent onder die kwota was.

35. In Oos-Transvaal was die syfers van Wakkerstroom, Ermelo, Carolina en Lydenburg slegs genoeg vir drie setels, elk 6 persent onder die kwota. Die lot het op Carolina geval, 'n afdeling wat deur die Vyfde Afbakeningskommissie in 1928 gestig is, en waarvan die syfers 32.5 persent onder die kwota was. Die Kommissie het die geleentheid te baat geneem om Carolina te besoek en het die argumente aangehoor wat die verteenwoordigers van verskillende openbare liggame, afgesien van politieke oorwegings, ten gunste van die behoud van hul afdeling aangevoer het. Die Kommissie kon egter nie afwyk van sy *prima facie* gevolgtrekking dat die herreëling van die verskillende Oos-Transvaalse kiesafdelings op die doeltreffendste en gerieflikste wyse bewerkstellig kon word deur Carolina uit te skakel.

36. In Noord-Transvaal was die gesamentlike stemkrag van Zoutpansberg, Pietersburg, Potgietersrust en Waterberg 0.3 persent onder die kwota vir slegs drie afdelings. Dit was derhalwe duidelik dat een van hule afgeskaf moes word. Die Kommissie se *prima facie* mening was dat Potgietersrust

various rural electoral divisions. It was suggested (1) that the Venterspost mining area on the far West Rand should be included and (2) that certain small areas of agricultural character in Johannesburg North should be excluded. Neither suggestion was vigorously pressed. As to the first, the Commission felt that the time was not ripe for such an inclusion, which would not permit the allocation of yet another seat to the Witwatersrand area and which would in consequence merely have the effect at this stage of further increasing the disparity above mentioned. As to the second, the areas referred to were relatively insignificant and, though in character agricultural, were in point of interest allied to the Witwatersrand urban area.

30. In the result the only alterations in the general scheme of provincial division were the transfer of the three Polling Districts Nos. 400, 401 and 404 from Wonderboom to the Pretoria District and the transfer into the new Nigel seat from the Heidelberg seat of the remaining small portion of the township of Noycedale.

31. The increase in the number of voters in the Pretoria electoral area indubitably entitled that area to the allocation of one additional seat, making a total of seven. In consequence the Commission was called upon to decide between thirty-two or thirty-three as the proper number of seats to be allotted to the Witwatersrand area. (*a*) If thirty-two seats were so allotted, the result of allotting a total of thirty-nine seats to the combined Wiwatersrand and Pretoria urban areas (the latter being reduced by the transfer already mentioned of Polling Districts Nos. 400, 401 and 404) would be to fix the average voting strength of each of these thirty-nine urban constituencies at 8,628, i.e. a load of 8.4 per cent. above quota, and the average voting strength of each of the remaining twenty-five rural constituencies at 6,908, i.e. an unloading of 13.2 per cent. below quota. (*b*) If thirty-three seats were so allotted, the forty urban constituencies would average 8,412 voters, a load of 6 per cent. above quota, and the twenty-four rural constituencies 7,196 voters, i.e. 9.5 per cent. below quota.

32. At the Commission's opening public meeting in Pretoria it appeared to be common cause among the three political parties there represented that basis (*a*) above mentioned was the more desirable proposal. Although this position was not unanimously accepted at Johannesburg by the representatives of at any rate one political party, the Commissioners were of the view that the comparative differences between rural and urban voting strength of the two schemes (i.e. as between 8.4 per cent. plus and 13.2 per cent. minus in one case, and as between 6 per cent. plus and 9.5 per cent. minus in the other) showed that the basis (*a*) was the more equitable and desirable. In the result, therefore, the Commission decided that (1) thirty-two seats should be allocated to the Witwatersrand area; (2) that seven seats should be allocated to the Pretoria urban area, as existing, but after deduction of Polling Districts Nos. 400, 401 and 404; and (3) that twenty-five seats should be allocated to the rural areas of the Transvaal Province, increased by the last-mentioned three polling districts.

Elimination of Three Transvaal Rural Electoral Divisions.

33. Upon this basis the Commission entered upon the difficult task of selecting for elimination the three Transvaal rural seats which, together with the four seats acquired by the Province at the expense of the Cape Province and the Orange Free State Province, would provide for the allocation of six new seats to the Witwatersrand area and one new seat to Pretoria. It was obvious that geographical considerations would largely determine such selection—one seat in the north, one in the east and one in the west would have to disappear in order to make good the voting deficiencies in each of these different regions.

34. In the western area Christiana, Delarey and Lichtenburg together provided sufficient voters for only two seats, each approximately 7 per cent. under quota. With the common consent of the three political parties which offered views on the matter, Delarey was selected for elimination, a division which had been created by the Fourth Delimitation Commission in 1923, by grouping polling districts north of Christiana and round about Schweizer Reneke, and whose figures were 36.36 per cent. under quota.

35. In the Eastern Transvaal the figures of Wakkerstroom, Ermelo, Carolina and Lydenburg were sufficient for only three seats, each 6 per cent. under quota. The finger of fate pointed at Carolina, a division which had been created by the Fifth Delimitation Commission in 1928, and whose figures were 32.5 per cent. under quota. The Commission took the opportunity of visiting Carolina and heard the arguments adduced by the representatives of various public bodies, irrespective of political party, in favour of the retention of their division. It was, however, unable to depart from its *prima facie* conclusion that the readjustment of the various Eastern Transvaal constituencies could most effectively and conveniently be performed on the basis of the disappearance of Carolina.

36. In the Northern Transvaal the combined voting strength of Zoutpansberg, Pietersburg, Potgietersrust and Waterberg provided a figure .3 per cent. under quota for three divisions only. It was clear, therefore, that one of these called for deletion. The Commission's *prima facie* view

afgeskaf moes word. Twee van die drie politieke partye wat verteenwoordig was, het hiermee ingestem toe die Kommissie dit in sy oorspronklike voorlopige skema voorgestel het. Die derde party het in die plek daarvan die uitskakeling van die setel Zwartruggens aan die hand gedoen. Hoewel die getal kiesers in die setel Potgietersrust nie soveel gedaal het as in ander nie, kon die behoud daarvan slegs verseker word deur die grense heelwat na die suide, en wel diep in die magistraatsdistrik Pretoria in, te verskuif. So'n reëling (wat die Sewende Afbakeningskommissie in paragrawe 85 en 86 van sy verslag ongewens geag het) sou heelwat moeilikhede by die herreëling van 'n aantal ander kiesafdelings opgelewer het. Die Kommissie het 'n besoek aan Potgietersrust gebring en vertoë aangehoor van verskillende liggame wat ten gunste van die behoud van die setel was. Die Kommissie was egter verplig om by sy oorspronklike menings betreffende die afskaffing van hierdie afdeling te bly.

Die verandering van die grense van Transvaalse plattelandse afdelings.

37. In slegs een Transvaalse kiesafdeling (Vereeniging) was die bestaande getal kiesers (10,573) bo die nuwe kwota; in ses ander (Heidelberg, Klerksdorp, Losberg, Potchefstroom, Rustenburg en Witbank) was die getal, hoewel onder die kwota, nog binne die toelaatbare perk van 15 persent—in al die ander was die getal onder hierdie perk en in tien gevalle was dit selfs meer as 30 persent onder die kwota. Onder hierdie omstandighede sal besef word dat dit nodig gevind is om heelwat van bestaande kiesafdelingsgrense af te wyk en in baie gevalle onmoontlik om die grense van kiesafdelings- en magistraatsdistrikte te laat saamval. Dit is te betreure en kan slegs op grond van die nodige getalskommelings geregverdig word. Gevolglik is uit verskillende gebiede beswaar gemaak dat sekere kiesafdelings versnipper is. In verband hiermee word die aandag gevestig op die opmerkings in paragraaf 25.

Oos-Transvaal.

38. Wakkerstroom, wat 24.84 persent onder die kwota was, het Stemdistrikte Nos. 480 en 482 met altesame 315 kiesers van Standerton en Stemdistrikte Nos. 198 (Amsterdam) en 202 (Sheepmoor) met altesame 614 kiesers van Ermelo geneem, met die gevolg dat die syfer daarvan op 13.2 persent onder die kwota te staan gekom het. Standerton wat 23.33 persent onder die kwota was, het as vergoeding hiervoor en vir die verlies van sy Stemdistrik No. 425 met 335 kiesers ten gunste van Heidelberg, Stemdistrik No. 199 (Morgenzon) met 472 kiesers van Ermelo en Stemdistrikte Nos. 421, 593 en 203 met altesame 1,029 kiesers van Bethal geneem; die gevolg is 'n kiesafdeling 12.7 persent onder die kwota.

39. Ermelo, wat 25.83 persent onder die kwota was, het as vergoeding vir hierdie verliese ten gunste van Wakkerstroom en Standerton en vir sy verlies van Stemdistrikte Nos. 193 en 194 ten gunste van Bethal 'n aansienlike gedeelte van die afdeling Carolina, wat nou afgeskaf is, met altesame 2,433 kiesers oorgeneem; by die gebied is die dorp Carolina (Stemdistrik No. 144) en Machadodorp en omstreke (Stemdistrikte Nos. 133 en 148) inbegrepe. Ermelo het die Breytengebied behou ten koste van 'n ietwat onsimmetriese toevoeging van verskillende gebiede noord en noordwes van die dorp Carolina aan die kiesafdeling Bethal. As gevolg van al hierdie veranderings sien die kiesafdeling Ermelo daar nou heelwat anders uit en is die hoofdorp Ermelo nou op die verste suidelike punt daarvan geleë. Dit is egter 'n skema wat op die Kommissie afgedwing is deur die noodsaaklikheid om stemme vir 'n aantal erg uitgedunde kiesafdelings te vind.

40. As vergoeding vir sy verlies van 1,029 kiesers ten gunste van Standerton neem Bethal 'n gedeelte van Stemdistrik No. 125 met 285 kiesers van Witbank, Stemdistrikte Nos. 193 en 194 met altesame 455 kiesers van Ermelo en die grootste gedeelte van die nie-toegewese gedeelte van Carolina met altesame 1,334 kiesers.

41. Daar is sterk vertoë tot die Kommissie gerig dat Barberton uitgebrei moes word deur die gebied Kaapse Hoop en aangrensende gebiede van die ou afdeling Carolina te neem, asook sekere stemdistrikte van Lydenburg wat aan die gebiede grens, en Stemdistrikte Nos. 17 en 147. Hierdie voorstelle is aanvaar en die tekort in Barberton van 24.59 persent onder die kwota is daardeur aangevul sodat die afdeling wat gevolglik ontstaan 14 persent onder die kwota is.

42. Die grense van die afdeling Lydenburg is nie aan die noordekant uitgebrei nie, maar om die verliese daarvan ten gunste van Barberton en Ermelo te vergoed en om sy eie tekort van 34.49 persent onder die kwota aan te vul, het dit in die suidweste en suide 'n blok stemdistrikte met inbegrip van die dorp Belfast met altesame 2,061 kiesers, van Middelburg en Carolina geneem, wat dit sodoende 'n afdeling 14.1 persent onder die kwota maak. Middelburg, wat 34.75 persent onder die kwota was, het as vergoeding hiervoor en vir sy verliese ten gunste van Lydenburg, in die weste twee stemdistrikte met altesame 422 kiesers van Witbank en 'n gedeelte van twee stemdistrikte van Pretoria-Distrik met altesame 216 kiesers geneem, en is aansienlik na die noordweste uitgebrei sodat dit daardie gedeelte van die afdeling Potgietersrust wat afgeskaf is en nie aan Waterberg toegewys is nie, omvat; die gevolg is 'n afdeling 13.3 persent onder die kwota.

was that Potgietersrust should be eliminated, a view which on its expression in the Commission's original preliminary proposals met with the approval of two of the three political parties represented. The third party suggested as an alternative the disappearance of the Zwartruggens seat. Although the Potgietersrust seat had not fallen off in strength as considerably as had certain others, its retention could be secured only by advancing its boundaries appreciably to the south and well into the Pretoria Magisterial District. This result (regarded as undesirable by the Seventh Delimitation Commission—*vide* paras. 85 and 86 of its report) would have produced considerable difficulties in the readjustment of a number of other constituencies. The Commission paid a visit to Potgietersrust and heard representations from various bodies favouring the retention of the seat; it was, however, compelled to adhere to its original views regarding the elimination of this division.

The Adjustment of Transvaal Rural Divisional Boundaries.

37. In only one Transvaal constituency (Vereeniging) was the existing number of voters (10,573) above the new quota; in six others (Heidelberg, Klerksdorp, Losberg, Potchefstroom, Rustenburg and Witbank) the number, though below quota, was still within the permissible limit of 15 per cent.—in all the others the number was below this limit, in ten instances over 30 per cent. below quota. In these circumstances it will be appreciated that it was found necessary to depart extensively from existing electoral boundaries and impossible in many instances to produce a coincidence between electoral and magisterial boundaries. The result is one which is to be regretted and is justifiable only on the ground of the necessary adjustment of numbers. As a consequence, a number of protests were received from various areas alleging a mutilation of particular constituencies. Attention is invited in this connection to the remarks in paragraph 25.

The Eastern Transvaal.

38. Wakkerstroom, which was 24.84 per cent. under quota, has taken in from Standerton Polling Districts Nos. 480 and 482, with an aggregate of 315 voters, and from Ermelo Polling Districts Nos. 198 (Amsterdam) and 202 (Sheepmoor), with an aggregate of 614 voters, the resulting figure making it a division 13.2 per cent. below quota. Standerton, which was 23.33 per cent. below quota, has, in compensation for this and for the loss of its Polling District No. 425 with 335 voters to Heidelberg, taken in from Ermelo Polling District No. 199 (Morgenson) with 472 voters and from Bethal Polling Districts Nos. 421, 593 and 203, with an aggregate of 1,029 voters, the result being a division of 12.7 per cent. below quota.

39. Ermelo, which was 25.83 per cent. under quota, has, in compensation for these losses to Wakkerstroom and Standerton and for its loss to Bethal of Polling Districts Nos. 193 and 194, taken a considerable portion of the now deleted Carolina division, with an aggregate of 2,433 voters, the area including the town of Carolina (Polling District No. 144) and Machadodorp with its environs (Polling Districts Nos. 133 and 148), while retaining the Breyten area at the expense of a somewhat unsymmetrical addition to Bethal constituency of various areas north and north-west of the town of Carolina. The whole of this adjustment has appreciably altered the Ermelo Division in which the main town Ermelo is now situated at its southern extremity; it was, however, a scheme forced upon the Commission by the overriding necessity of finding votes for a number of seriously depleted constituencies.

40. Bethal, in compensation for its loss of 1,029 voters to Standerton, takes portion of Polling District No. 125, with 285 voters from Witbank, Polling Districts Nos. 193 and 194 from Ermelo, with an aggregate of 455 voters, and the larger part of the unappropriated portion of Carolina, with an aggregate of 1,334 voters.

41. It was strongly represented to the Commission that Barberton should be extended by taking in from the old division of Carolina the Kaapse Hoop and adjoining areas, and from Lydenburg certain polling districts adjoining that area, and Polling Districts Nos. 17 and 147. These suggestions have been adopted and the deficiency in Barberton of 24.59 per cent. below quota has thereby been rectified, the resulting division being 14 per cent. below quota.

42. The boundaries of the Lydenburg Division have not been extended on the north, but to compensate for its losses to Barberton and Ermelo and rectify its own deficiency of 34.49 per cent. below quota, it has in the south-west and south taken in from Middelburg and Carolina a block of polling districts including the town of Belfast with an aggregate of 2,061 voters, thus making it a division 14.1 per cent. below quota. Middelburg, which was 34.75 per cent. under strength, has, in compensation for this and its losses to Lydenburg, taken on the west two polling districts from Witbank aggregating 422 voters, and portions of two from Pretoria District aggregating 216 voters, and been extended considerably to the north-west to embrace that portion of the deleted Potgietersrust Division not appropriated to Waterberg, the result being a division 13.3 per cent. below quota.

Wes-Transvaal.

43. Die afskaffing van Delarey het die Kommissie in staat gestel om die tekorte van Christiana, Wolmaransstad, Klerksdorp en Lichtenburg aan te vul, met die gevolg dat die noordelike en oostelike grense van daardie blok afdelings met weinig verandering behoue bly.

44. Die herafbakening van die afdelings Marico, Zwartruggens. Rustenburg en Ventersdorp het heelwat moeilikheid opgelewer. Eers is voorgestel dat Stemdistrikte Nos. 289 met 717 kiesers en 290 met 782 kiesers wat noord van die dorpe Magaliesburg en Krugersdorp geleë is en wat afgegee is deur Losberg waarvan die syfer slegs -3.19 persent onder die kwota was, aan die afdeling Rustenburg toegevoeg moes word, dog op die Kommissie se vergadering op Rustenburg wat deur verteenwoordigers van al die politieke partye in Zwartruggens en Rustenburg bygewoon is, is aangevoer dat Stemdistrik No. 289 tesame met die noordelike gedeelte van Stemdistrik No. 238 wesenlik deel van die gebied Zwartruggens is, en dat as Stemdistrik No. 290, wat nouer aan Krugersdorp verwant is, nie aan daardie afdeling toegewys kon word nie, dit aan Ventersdorp toegevoeg moes word, daar die aard daarvan nou verwant is aan dié van die Ventersdorpstreek. Hierdie voorstelle is aanvaar, met die gevolg dat Stemdistrik No. 289 en die noordelike gedeelte van Stemdistrik No. 238 by Zwartruggens ingelyf en die kiesafdeling Ventersdorp uitgebrei is sodat dit Stemdistrik No. 290, die suidelike gedeelte van No. 238 en 'n gebied suidwes van hulle wat deur Losberg afgegee is, insluit. Hierdie uitbreiding van die afdeling Ventersdorp na die noordooste daarvan was verder nodig om vir gedeeltes van sy gebied wat in die suidweste aan Lichtenburg en Klerksdorp afgestaan is, te vergoed

45. Zwartruggens is aan die suidweste ietwat uitgebrei na die afdeling Marico en maak sodoende met sy uitbreiding suidooswaarts met die Magaliesberg langs 'n gelyksoortige kiesafdeling met 'n hoë mate van gemeenskaplike belang uit. Rustenburg, wat 13.64 persent onder die kwota was, is aan sy oostelike grense uitgebrei sodat dit sekere gedeeltes van die afdelings Waterberg en Brits met altesame 1,209 kiesers insluit en het daarby Stemdistrik No. 572 met 125 kiesers van Zwartruggens gekry. Dit is die Kommissie voorgehou dat die belange van daardie bosveldveeboere langs Limpoporivier wat nou binne die afdeling Rustenburg val, bes bevorder kon word deur hul gebied aan Marico toe te voeg. Gevolglik is die inkorting van die afdeling Rustenburg wat deur die toevoegings daaraan nodig gemaak is, bewerkstellig deur die vyf stemdistrikte langs die Limpoporivier met altesame 1,242 kiesers daarvan af te sny en by Marico te voeg.

46. Brits, wat aan die suidweste 'n aansienlike gedeelte van die magistraatsdistrik Rustenburg wat voorheen daarby inbegrepe was, aan Rustenburg afgestaan het, is vergoed eerstens deur sy suidoostelike grens na die grens van die gebied Wonderboom en Pretoria-Wes te verskuif sodat dit Stemdistrikte Nos. 129 en 281 met altesame 582 kiesers insluit, asook deur 'n deel van die gebied Nylstroom (met inbegrip van Warmbad) daaraan toe te voeg aangesien daar besluit is dat dit met voordeel vir hierdie doel van die afdeling Waterberg afgesny kon word. Oorweging is verleen aan die vraag of Stemdistrikte Nos. 289 en 290 noord van die dorpe Magaliesburg en Krugersdorp wat voorheen deel van die afdeling Losberg uitgemaak het, by Brits ingelyf kon word, maar daar is gevind dat hulle, soos in paragraaf 44 verklaar is, beter deel kon uitmaak onderskeidelik van die afdelings Zwartruggens en Ventersdorp.

Noord-Transvaal.

47. Met die afskaffing van Potgietersrust het dit moontlik geword om die tekorte van Zoutpansberg, Pietersburg en Waterberg aan te vul, wat onderskeidelik 25.05 persent, 25.94 persent en 30.32 persent onder die kwota was, om Middelburg wat 34.75 persent en Brits wat 24.23 persent onder die kwota was, aan te vul en om eersgenoemde drie afdelings tot die noordelike gedeelte van die Provinsie te beperk. Die dorp Potgietersrust is in die kiesafdeling Pietersburg geplaas en die gebied Naboomspruit is aan die afdeling Waterberg toegewys; laasgenoemde het op sy beurt Warmbad aan die afdeling Brits afgestaan.

Suid-Transvaal.

48. Onder invloed van sy sterk noordelike buurgebied, die Witwatersrandse kiesgebied, was die syfers van die kiesafdeling Vereeniging 32.89 persent bo die kwota en is dit die enigste afdeling buite die kiesgebiede van die Witwatersrand en Pretoria wat die kwota oorskry het. Losberg, Potchefstroom, Heidelberg en Witbank was almal onder die kwota, maar in 'n baie kleiner mate as die gemiddelde vir ander afdelings as dié op die Witwatersrand en in Pretoria; die syfers is onderskeidelik -3.19 persent, -9.19 persent, -11.69 persent en -9.75 persent.

49. Die uitbreiding van die afdelings Zwartruggens en Ventersdorp ooswaarts het Losberg in die noorde aansienlik kleiner gemaak. Hierdie afdeling, wat voorheen vanaf die Vaalrivier in die suide tot by die grense van die afdelings Brits en Pretoria-Distrik in die noorde gestrek het, het deur die byvoeging van sekere stemdistrikte van die weste en die noorde van Vereeniging met altesame 3,306 kiesers, en sekere ander veranderings van die grens tussen die afdeling self en die afdelings Vereeniging en Potchefstroom, 'n meer aaneengeslote kiesafdeling geword met 'n suidelike grens wat nie

The Western Transvaal.

43. The deletion of Delarey enabled the Commission to supplement the deficiencies of Christiana, Wolmaransstad, Klerksdorp and Lichtenburg, with the result that the northern and eastern boundaries of that block of divisions remain with but little alteration.

44. The redelimitation of the Divisions of Marico, Zwartruggens, Rustenburg and Ventersdorp occasioned considerable difficulty. At first it was proposed that Polling Districts Nos. 289 with 717 voters and 290 with 782 voters, which lie north of the towns of Magaliesburg and Krugersdorp, and which were given off by Losberg, whose figure showed only -3.19 per cent. below quota, should be added to the Rustenburg Division, but at its meeting at Rustenburg, which was attended by representatives from Zwartruggens and Rustenburg of all the political parties, it was represented that Polling District No 289, together with the northern part of Polling District No. 238, were essentially part of the Zwartruggens area, and that if Polling District No. 290, which was more closely allied to Krugersdorp, could not be allotted to that division, it should be attached to Ventersdorp, being closely allied with the Ventersdorp type of country. These suggestions were accepted, with the result that Polling District No. 289 and the northern part of Polling District No. 238 were embodied in Zwartruggens, and the Ventersdorp electoral area was extended to include Polling District No. 290, the southern part of No. 238 and an area south-west of them given off by Losberg. This extension of the Ventersdorp Division to its north-east was further necessary to compensate for portions of its area given off in the south-west to Lichtenburg and Klerksdorp.

45. Zwartruggens has been slightly extended on the south-west into the Marico Division, thus with its extension south-east along the Magaliesberg making a homogeneous constituency with a high degree of community of interest. Rustenburg, which was 13.64 per cent. below quota, has been extended on its eastern boundaries to include certain portions of the Waterberg and Brits Divisions with an aggregate of 1,209 voters, and has in addition received from Zwartruggens Polling District No. 572 with 125 voters. It was represented to the Commission that the interests of those bushveld cattle farmers along the Limpopo River who are presently within the Division of Rustenburg could most appropriately be served by the addition of their area to Marico. Consequently the curtailment of the Rustenburg Division rendered necessary by the additions to it have been effected by detaching from it and adding to Marico the five polling districts along the Limpopo River with an aggregate of 1,242 voters.

46. Brits, having given off on its south-west to Rustenburg a considerable area of the Rustenburg Magisterial District which had previously been included in it, has been compensated firstly by extending its south-east boundary to the borders of the Wonderboom and Pretoria West area so as to include Polling Districts Nos. 129 and 281 with an aggregate of 582 voters, and by embracing within it a part of the Nylstroom area (including Warmbaths) which it was decided could advantageously be detached from the Waterberg Division for this purpose. Consideration was given to the question whether Polling Districts Nos. 289 and 290 to the north of the towns of Magaliesburg and Krugersdorp, which formerly formed part of the Losberg Division, could be attached to Brits, but it was found as stated in paragraph 44 that these could more properly form part of the Zwartruggens and the Ventersdorp Divisions respectively.

The Northern Transvaal.

47. With the elimination of Potgietersrust it became possible to supplement the deficiencies of Zoutpansberg, Pietersburg and Waterberg which were respectively 25.05 per cent., 25.94 per cent. and 30.32 per cent. below quota, to assist Middelburg, which was 34.75 per cent. below quota, and Brits, which was 24.23 per cent. below quota, and to confine the three first-mentioned divisions to the northern portion of the Province. The town of Potgietersrust was placed in the Pietersburg Electoral Division and the Naboomspruit area allocated to the Waterberg Division, the latter in turn surrendering Warmbaths to the Brits Division.

The Southern Transvaal.

48. Under the influence of its powerful northern neighbour, the Witwatersrand electoral area, the figures of the Electoral Division of Vereeniging were 32.89 per cent. above quota, this being the only division outside the Witwatersrand and the Pretoria electoral areas which showed an excess over the quota. Losberg, Potchefstroom, Heidelberg and Witbank were each below quota, but to a far less than the average degree for other than the Witwatersrand and Pretoria Divisions, the figures being respectively —3.19 per cent., —9.19 percent., —11.69 per cent. and —9.75 per cent.

49. The extension eastward of the Zwartruggens and Ventersdorp Divisions has considerably curtailed Losberg in the north. This division, which previously extended from the Vaal River in the south to touch the Divisions of Brits and Pretoria District in the north, has, by the addition of certain polling areas from the west and north of Vereeniging with an aggregate of 3,306 voters, and certain other adjustments of boundary as between itself and the Vereeniging and Potchefstroom Divisions, become a more compact constituency with a southern boundary falling short of the river.

die rivier bereik nie. Potchefstroom en Vereeniging het dus aangrensende kiesafdelings aan die rivier geword en eersgenoemde was ook in staat om Ventersdorp aan te vul.

50. Heidelberg, wat sy ligging as kiesafdeling aan die rivier behou het, het aan Witbank 'n gedeelte van Stemdistrik No. 218 met 729 kiesers aan sy noordelike eindpunt afgestaan en word deur klein toevoegings van Vereeniging, Witbank en Standerton met altesame 677 kiesers 'n afdeling 12.4 persent onder die kwota. Die grensveranderings tussen hierdie afdeling en die afdeling Witbank het 'n bevredigender grenslyn tussen hulle ten gevolge gehad. Die noordelike driehoek van die afdeling Witbank (Stemdistrikte Nos. 594 en 333 met altesame 422 kiesers) is afgesny en aan Middelburg toegevoeg. Dit tesame met die verlies van Stemdistrik No. 125 met 285 kiesers ten gunste van Bethal en grensveranderings tussen Witbank en Heidelberg, het ten gevolge gehad dat die afdeling Witbank meer aaneengeslote geword het, met 'n syfer 11.4 persent onder die kwota.

Die Witwatersrandse gebied.

51. Soos verduidelik in paragrawe 24 en 25, bly die grense van die kiesgebied van die Witwatersrand feitlik onveranderd en is twee-en-dertig setels onderskeidelik in die Volksraad en Provinsiale Raad aan daardie gebied toegewys, wat ses meer as die bestaande getal is. Uit 'n algemene oorsig van die posisie het die Kommissie besluit dat 'n gemiddelde belading van 9 persent 'n billike en redelike syfer is om vir hierdie gebied vas te stel. Soos verklaar in paragraaf 24 van sy verslag, was dit min of meer die syfer waarop die Sewende Afbakeningskommissie besluit het.

52. Die kiesgebied van die Witwatersrand kan naastenby in drie verdeel word—die Wes-Rand, Johannesburg, en die Oos-Rand, waarvan die stemkrag onderskeidelik as volg is:—

Wes-Rand	25,503
Johannesburg	173,870
Oos-Rand	78,225

By 'n algemene beskouing van die posisie en oorweging van die betrekkike stemkrag van elk van hierdie gebiede het die Kommissie besluit dat een van die ses nuwe setels aan die Wes-Rand, een aan die Oos-Rand en die ander vier aan Johannesburg toegewys moes word. Op die Wes-Rand het die stemkrag van die afdeling Roodepoort sedert 1937 van 6,556 tot 12,322 toegeneem en dié van Krugersdorp van 6,715 tot 9,884. Die nuwe Wes-Randse setel waaraan die Kommissie die genaming „ Wes-Rand " gegee het, is gevorm deur van Krugersdorp 'n gebied met 1,269 kiesers te neem wat tussen die spoorlyn na Roodepoort en die grootste gedeelte van die noordelike grens van Stemdistrik No. 65 geleë is, en deur die grootste gedeelte van Roodepoort se westelike gebied weg te neem, waardeur die kiesafdeling Wes-Rand met 'n belading van 2.3 persent ontstaan het. Roodepoort is vir sy verlies vergoed deur Stemdistrik No. 70 van Johannesburg-Wes met 3,297 kiesers daarby in te sluit, wat daartoe gelei het dat die afdeling Roodepoort 'n belading van 9.9 persent het.

53. Op die Oos-Rand is 'n nuwe afdeling, naamlik Nigel, met 'n belading van 2.9 persent gestig deur die samevatting van al die afgeleë gebiede van die afdeling Springs en die suidelike gedeelte van die afdeling Brakpan. Ten gevolge hiervan het Brakpan sowel as Springs aaneengeslote en uitsluitlik stedelike afdelings geword met beladings van onderskeidelik 11.6 en 12.6 persent.

54. In die gebied Johannesburg-Wes in 'n nuwe afdeling, naamlik Westdene, met 'n belading van 8.7 persent gestig, wat die dorpsgebied met daardie naam, en die dorpsgebiede Newlands, Claremont, Newclare, Sophiatown en Martindale, asook die westelike helfte van die afdeling Vrededorp omvat. Vrededorp waarvan die syfers van 6,737 in 1937 tot 11,607 gestyg het, is op algemene versoek tot Mayfair herdoop en sluit nou die oostelike helfte van die oorspronklike afdeling Vrededorp in tesame met 'n klein driehoekige gebied van Johannesburg-Noord wat oos van Auckland Park geleë is.

55. In die sentrale gedeelte van Johannesburg is 'n nuwe kiesafdeling, naamlik Hillbrow, met 'n belading van 10.4 persent gestig deur die westelike gedeelte van Yeoville en 'n gebied uit die suidoostelike hoek van Parktown saam te voeg.

56. Die derde nuwe Johannesburgse kiesafdeling waaraan die naam Houghton gegee is, is gestig om die oortollige kiesers in die snel uitbreidende gebied wat tussen Orange Grove, Parktown en Johannesburg-Noord geleë is, op te neem. Hierdie nuwe afdeling val noodsaaklikerwys gedeeltelik in die dorpsgebied Orange Grove en die Kommissie was gevolglik verplig om die afdeling Orange Grove in 'n noordoostelike rigting uit te brei sodat dit 'n aansienlike gedeelte van die oorskot van die Noord-Rand oorneem.

84. With the adjustments between Piquetberg and Moorreesburg already noted, considerable exchange became necessary between Moorreesburg and Malmesbury. The Moorreesburg Division has now been extended to the Witzenberg so as to take from the Malmesbury Division the areas of Tulbagh and Riebeek Kasteel, while on its south-east Moorreesburg has given off to Malmesbury Polling Districts Nos. 649, 650 and 133, with an aggregate of 460 votes, Moorreesburg in the result becoming a Division 6 per cent. below quota. With the adjustments as between itself and Moorreesburg, Malmesbury (with the addition from Stellenbosch of Polling Districts Nos. 134 and 900 with 976 votes and from Maitland and Cape Flats of Polling Districts Nos. 138 and 225 respectively with a total of 2,546 votes) becomes a division 1 per cent. below quota. The Maitland additions to this Division will receive further notice when the subject of the Cape Peninsula Divisions is dealt with.

85. Die syfers ten opsigte van Paarl, wat as 4.1 persent bo die kwota aangetoon is, het geen verandering ondergaan nie. Stellenbosch wat 12.30 persent bo die kwota was, het Stemdistrikte Nos. 134 en 900 met altesame 976 kiesers aan Malmesbury afgestaan en word dus 1.3 persent bo die kwota.

Die gebied Noord-Kaapland.

86. Ten einde sy getalle aan te vul en 'n afdeling 10.6 persent onder die kwota te word, het Vryburg van Kuruman drie stemdistrikte suid van die dorp Vryburg met altesame 731 kiesers geneem. Kuruman het Stemdistrikte Nos. 636 (wat die dorp Taungs insluit) tot 639 en Stemdistrik No. 641 met altesame 2,019 kiesers aan Kimberley-Distrik afgestaan en het ter vergoeding daarvoor van die afdelings Kimberley-Distrik en Prieska die gebiede Postmasburg en Griekwastad tot by die Oranjerivier geneem, terwyl Stemdistrikte Nos. 799 en 800 by Prieska bly.

87. Met die stemdistrikte uit Kuruman en Stemdistrikte Nos. 532, 533 en 535 (met inbegrip van die dorp Douglas), suid van die Vaalrivier, daaraan toegevoeg, word die afdeling Kimberley-Distrik 'n baie gelyksoortiger kiesafdeling, aangesien dit die nedersetters en oewerboere langs die Vaal-, Hartz- en Modderrivier insluit wat baie belange gemeen het. Die Kommissie kon nie 'n voorstel aanvaar wat deur een van die politieke partye ingedien is, nl., dat Kuruman en die bestaande Kimberley-Distrik in een kiesafdeling saamgevat moes word nie en het na sorgvuldige oorweging besluit om die voorstel van 'n ander politieke party te verwerp, nl., dat die dorp Beaconsfield van Kimberley-Stad afgesny word sodat Kimberley-Stad en die dorp Beaconsfield met die toevoegings aan elkeen daarvan van groot dele van die Kimberley-agterland deels stedelike en deels plattelandse afdelings kon word. Aangesien Kimberley-Stad 7.84 persent bo die kwota is, wat die Kommissie as 'n bevredigende syfer beskou het, het dit geen verandering ondergaan nie.

88. Ten gevolge van die afskaffing van Hopetown, is die gebied De Aar met 2,269 kiesers aan Albert-Colesberg, gedeeltes van die gebiede Britstown en Philipstown met 704 kiesers aan Victoria-Wes en gedeelte van die reeds genoemde gebied Douglas suid van die Vaalrivier aan Kimberley-Distrik toegevoeg. Die orige deel van die gebied Hopetown met 2,107 kiesers wat die dorp Hopetown insluit, is aan Prieska toegevoeg, 'n afdeling wat oor die hele noorde vanaf die Vrystaatse grens tot naby Namakwaland strek. Die onttrekking daaraan van twee stemdistrikte aan sy heel westekant het egter in sekere mate sy lengte verkort en een uitwerking van die toevoegings is dat die dorp Prieska tans meer sentraal in die afdeling geleë is. Nietemin sou die Kommissie bly gewees het as hy middele kon gevind het om die lengte van hierdie gebied verder in te kort. Die grense van Gordonia bly onveranderd, behalwe dat dié afdeling Stemdistrik No. 459 met 303 kiesers, d.w.s., die gebied wat aan die suidelike oewer van die Oranjerivier lê ongeveer tussen Schuitdrift en die Augrabies-waterval, van die afdeling Prieska neem.

89. Namakwaland se syfer van 16.51 persent onder die kwota is tot 13.8 persent onder die kwota opgeskuif deur die toevoeging uit die afdeling Prieska van sy twee mees westelike Stemdistrikte Nos. 462 en 463 met altesame 151 kiesers en deur die toevoeging uit Calvinia van Stemdistrik No. 200 met 86 kiesers wat bestaan uit die nedersettings langs die Olifantsrivier, noord van Clanwilliam. Die wysigings in die afdeling Calvinia is in paragrawe 82 en 83 hierbo uiteengesit.

Die Kaapse Skiereiland en omgewing.

90. Die totale getal kiesers in die elf Skiereilandsetels (Kaapstad-Kasteel, Kaapstad-Sentraal, Claremont, Kaapstad-Tuine, Mowbray, Rondebosch, Seepunt, Suid-Skiereiland, Woodstock, Wynberg en Kaapse Vlakte) is 116,532, 'n getal wat, nadat almal behalwe laasgenoemde 'n belading van 10.8 persent opgelê is (wat as redelik beskou is) en nadat 'n addisionele setel geskep is, 'n balans van ongeveer 2,500 stemme van hierdie elf setels en die aangrensende setel Maitland (huidige stemkrag 12,069) vir opname elders gelaat het.

91. Soos reeds vermeld het die Kommissie besluit dat die nuwe setel in hoofsaak geskep moes word deur die herstelling van die ou Soutrivierkiesafdeling en hierdie nuwe setel (ook met die naam Soutrivier) is saamgestel uit verskillende gedeeltes van die kiesafdelings Woodstock, Mowbray en Kaapse Vlakte in die Skiereiland self, asook 'n aansienlike deel, met inbegrip van die dorpsgebied Maitland, van die aangrensende kiesafdeling Maitland. Hierdie nuwe setel bestaan uit 9,684 kiesers wat 'n belading van 8.8 persent verteenwoordig.

92. By die berekening van bogenoemde belading van 10.8 persent vir die Skiereiland is die afdeling Kaapse Vlakte buite rekening gelaat. Hierdie kiesafdeling omvat nou 'n heelwat groter gebied as voorheen, aangesien 'n aansienlike gebied wat deur 'n betreklike ylheid van bevolking gekenmerk word, van Hottentots-Holland geneem is. Die Kommissie was van mening dat in die geval van Kaapse Vlakte dit billik sou wees om 'n plus belading van 4.1 persent toe te laat. Die nuwe kiesafdeling Vasco, wat Maitland vervang, word tot 10.6 persent belaai.

93. Nadat die nuwe setel toegewys is, moes die oorskot van 2,500 kiesers, bestaande uit Brooklyn en Milnerton, in 'n ander kiesafdeling opgeneem word. Die uitgang uit die Skiereiland is in die vorm van 'n bottelnek en daar was skynbaar net drie moontlike maniere om die vraagstuk op te los. Hottentots-Holland, wat miskien die oplossing kon verskaf

85. Paarl, whose figure showed it as 4.1 per cent. above quota, has undergone no change. Stellenbosch, which was 12.30 per cent. above quota, has lost to Malmesbury Polling Districts Nos. 134 and 900, with an aggregate of 976 voters, thus becoming a Division 1.3 per cent. above quota.

The Cape Northern Area.

86. To make up its numbers and constitute a division 10.6 per cent. below quota, Vryburg has taken in from Kuruman three polling districts south of the town of Vryburg, with an aggregate of 731 voters. Kuruman has given off to Kimberley District Polling Districts Nos. 636 (which includes the town of Taungs) to 639 and Polling District No. 641, with an aggregate of 2,019 voters, and has in compensation taken from the Kimberley District and Prieska Divisions the Postmasburg and Griquatown areas down to the Orange River, save for Polling Districts Nos. 799 and 800 which remain with Prieska.

87. The Kimberley District Division with its accretions from Kuruman and with the addition of Polling Districts Nos. 532, 533 and 535 (with the town of Douglas) below the Vaal River, becomes a far more homogeneous constituency since it includes the settlers and riparian farmers on the Vaal, Hartz and Modder Rivers between whom there is much community of interest. The Commission was unable to accept a proposal submitted by one of the political parties that Kuruman and the existing Kimberley District should be combined in one constituency, and after careful consideration, it was decided to reject the proposal of another political party which had for its purpose the cutting off from Kimberley City of the town of Beaconsfield so that Kimberley City and the town of Beaconsfield might, with the additions to each of large portions of the Kimberley hinterland, become partly urban and partly rural divisions. Kimberley City being 7.84 per cent. above quota, which the Commission considered a satisfactory figure, has undergone no alteration.

88. The elimination of Hopetown has resulted in the accrual to Albert-Colesberg of the De Aar area with 2,269 voters, to Victoria West of portions of the Britstown and Philipstown areas with 704 votes, and to Kimberley District of portion of the Douglas area, already referred to, lying south of the Vaal River. The balance of the Hopetown area with 2,107 votes, which includes the town of Hopetown, has accrued to Prieska, a division which lies astride the whole of the north from the Free State boundary to close upon Namaqualand. The detraction from it of two polling districts on its extreme west has, however, to some extent contracted its length, and one effect of the additions is that the town of Prieska becomes more central to the division. Nevertheless it would have been to the satisfaction of the Commission if it could have found means of further contracting the length of this area. The boundaries of Gordonia remain unaltered save that the Division takes from the Prieska Division Polling District No. 459 with 303 votes, i.e. the area abutting on the south bank of the Orange River, approximately between Schuitdrift and the Augrabies Falls.

89. Namaqualand, which was 16.51 per cent. under strength, has become 13.8 per cent. below quota by the addition from the extreme west of the Prieska Division of the two Polling Districts Nos. 462 and 463, with an aggregate of 151 voters and by the addition from Calvinia of Polling District No. 200 with 86 votes comprising the settlements along the Olifants River north of Clanwilliam. The alterations to the Calvinia Division have been set out in paragraphs 82 and 83.

The Cape Peninsula and Environs.

90. The total number of votes in the eleven Peninsula seats (Cape Town Castle, Central, Claremont, Gardens, Mowbray, Rondebosch, Sea Point, South Peninsula, Woodstock, Wynberg and Cape Flats) is 116,532, a number which, on applying to all but the last named what was considered to be a reasonable load, viz. 10.8 per cent., and after the creation of an additional seat, left a balance of some 2,500 votes from these eleven seats and the adjoining seat of Maitland (present strength 12,069) to be absorbed elsewhere.

91. As previously stated, the Commission decided that the new seat should be created in substance by the revival of the old Salt River constituency, and such new seat (also called Salt River) has been constituted of various portions of the Woodstock, Mowbray and Cape Flats constituencies in the Peninsula proper, as well as a substantial portion, including the township area of Maitland, of the adjoining Maitland constituency. This new seat consists of 9,684 voters, representing a load of 8.8 per cent.

92. In arriving at the above load of 10.8 per cent. for the Peninsula, the Cape Flats Division was excluded from consideration. This constituency now embraces a considerably wider area than previously, having taken from Hottentots Holland a substantial area characterised by a relative sparsity in point of population. The Commission felt that in the case of Cape Flats it would be fair to allow a plus load of 4.1 per cent. The new Electoral Division of Vasco which replaces Maitland is loaded to the extent of 10.6 per cent.

93. After the allocation of the new seat the surplus of 2,500 voters, which comprises Brooklyn and Milnerton, had to be absorbed in some other electoral division. The outlet from the Peninsula is in the form of a bottle-neck and there appeared to be only three possible ways of meeting the position. Hottentots Holland, which might have provided a

het, is reeds swaar belaai en dieselfde geld van die kiesafdeling Vasco (Maitland). Hieruit volg dus dat die enigste ander uitweg Malmesbury was, maar so'n oplossing was hoogs onbevredigend. Om dit te vermy is slegs een ander alternatief aan die Kommissie voorgestel: nl., dat elkeen van die Skiereilandsetels aan 'n verdere belading van 2 persent onderwerp moes word sodat die dertien setels die 2,500 kiesers kon opneem. As die afdeling Kaapse Vlakte vir hierdie doel uitgesluit en Vasco ingesluit sou word, sou die gemiddelde belading vir elkeen van die twaalf setels 12.8 persent wees, terwyl as Kaapse Vlakte ook ingesluit word, die belading 12.3 persent vir elke setel sou wees. Dit was 'n uitgemaakte saak vir die Kommissie dat as hierdie alternatief nie aanvaar kon word nie, die betrokke kiesers by die afdeling Malmesbury ingesluit sou moes word. 'n Gemiddelde belading van meer as 12 persent sou geregverdig kon word as dit slegs 'n beperkte aantal kiesafdelings geraak het, maar die Kommissie was van mening dat daar geen regverdiging was om die hele Skiereiland in hierdie mate te belaai ten einde hierdie oortollige stedelike kiesers op te neem nie. Dit word toegegee dat die insluiting van hierdie kiesers in 'n plattelandse kiesafdeling onbevredigend is, en dit is slegs na volledige oorweging van die probleem dat die Kommissie met groot teësin hierdie gedragslyn aanvaar het.

94. Die probleem van die herreëling van die Kaapse Skiereiland-setels is verder bemoeilik deur die buitengewone oormaat kiesers in die aangrensende kiesafdeling Hottentots-Holland waarvan die getalle tot 11,445 gestyg het, d.w.s., tot 28.5 persent bo die huidige kwota. Beide weens oorwegings van getalle en geografiese ligging, was dit onmoontlik om die oormatige stemkrag van hierdie setel te verminder deur kiesers òf na Stellenbosch òf na Caledon oor te plaas. Gevolglik moes òf die Kaapse Vlakte-setel òf die bestaande Maitlandsetel 'n aansienlike oorskot van Hottentots-Holland opneem. Uiteindelik is besluit om Stemdistrik No. 235 (Grassy Park) met 702 kiesers aan die kiesafdeling Wynberg waaraan dit nie vreemd is nie, oor te dra, en om feitlik die hele Stemdistrik No. 555 (1,042 kiesers) aan die Kaapse Vlakte-setel oor te dra. Laasgenoemde stemdistrik is 'n dunbevolkte gebied wat hoofsaaklik 'n landboustreek is. By die neem van hierdie besluit kon die Kommissie ongelukkig nie voldoen aan sterk en redelike vertoë uit Hottentots-Holland, nl., dat, in plaas van Stemdistrik No. 555, die meer digbevolkte deel van Stemdistrik No. 557, wat bekend is as Eppingtuine en aan die dorpsgebied Goodwood grens, in die huidige kiesafdeling Maitland, oorgedra moes word. Dit is aangevoer dat hierdie gebied wesenlik 'n stedelike gebied was en saam met ander voorstede van groter Kaapstad in een van die Skiereilandsetels of in Vasco ingesluit kon word. Daar was egter verskeie administratiewe en statistiese moeilikhede wat die aanvaarding van hierdie voorstel in die weg gestaan het: de enigste ander afdeling wat moontlik hierdie gebied kon oorneem, was Vasco, wat egter self so oorlaai is dat die Kommissie met groot teësin verplig was om 2,500 kiesers daaruit aan die kiesafdeling Malmesbury oor te dra.

95. As na bygaande kaarte van die Skiereiland en aangrensende gebied verwys word, sal bemerk word presies hoe die bestaande kiesafdelingsgrense verander moes word ten einde die huidige setels volgens die voorgeskrewe kwota te reël en die nuwe Soutriviersetel af te baken. Oor die algemeen vereis hierdie wysigings geen besondere kommentaar nie, behalwe die volgende: die afdeling Seepunt is ingekrimp deur sy noordelike grens wat aan Kaapstad-Sentraal grens, na die suide te verskuif; as gevolg hiervan en van ander herreëlings in die rigting van Kaapstad-Tuine, het Kaapstad-Sentraal sodanig verander van ligging dat sy huidige benaming verkeerd is en die Kommissie het met algemene goedkeuring besluit om sy naam in Groenpunt te verander.

96. As gevolg van die opneming van die dorpsgebied Maitland in die nuwe Soutriviersetel, het dit nodig geword om die kiesafdeling wat tot dusver Maitland genoem is, te herdoop. Hierdie kiesafdeling waaraan 9,850 kiesers toegewys is (10.6 persent bo die kwota) bestaan hoofsaaklik uit die gebiede Parow, Goodwood en Vasco en op grond van historiese sentiment en met algemene goedkeuring het die Kommissie laasgenoemde as die geskikste naam gekies.

NATAL.

VOLKSRAAD.

Die toewysing van setels. Stigting van afdeling Pinetown.

97. Op 31 Mei 1942 was daar altesame 119,597 blanke volwasse Unieburgers op die Natalse kieserslys, benewens 654 nie-blanke manlike kiesers. Soos vermeld in paragraaf 6, is 'n verandering in die getal verteenwoordigers, nl., sestien, waartoe die Provinsie in die Volksraad geregtig is, nie nodig nie.

98. Een belangrike verandering in die toewysing van setels in die Provinsie moes egter gedoen word ten gevolge van die feit dat, terwyl die Durbanse afdelings elk 'n persentasie van kiesers bo die kwota aangetoon het, nl., van 11.15 persent in Durban-Noord tot 45.46 persent in Durban-Point, al die ander afdelings van die Provinsie, behalwe Pietermaritzburg-Stad wat 13.72 persent bo die kwota was, 'n persentasie onder die kwota aangetoon het, nl., van 1.76 persent in Pietermaritzburg-Distrik tot 29.62 persent in Vryheid. Die Durbanse syfers, met 'n gemiddelde belading van 4 persent, sou dié gebied geregtig gemaak het tot een addisionele setel ten koste van die res van die Provinsie, maar dit is besluit om die syfers so te verdeel dat vier van die sewe afdelings 'n

solution, is already heavily loaded, and the same is the case with the Electoral Division of Vasco (Maitland). It follows that the only remaining outlet was to Malmesbury, but such a solution was highly unsatisfactory. To avoid this, only one other alternative was suggested to the Commission: viz. that each of the Peninsula seats should be subjected to a further over-all load of 2 per cent., the thirteen seats thus absorbing the 2,500 voters. If, for this purpose, the Cape Flats Division were excluded and Vasco included, the average load for each of the twelve seats would be 12.8 per cent., whilst if Cape Flats were also included the load would be 12.3 per cent. for each seat. It was common cause before the Commission that if this alternative could not be accepted the voters concerned would have to be included in the Malmesbury Division. An average load of over 12 per cent. could be justified if it only affected a limited number of electoral divisions, but the Commission felt that there was no justification for loading the whole Peninsula to this extent for the purpose of absorbing these surplus urban voters. The inclusion of these voters in a rural division is admittedly unsatisfactory, and it is only after full consideration of the problem that the Commission, with great reluctance, has adopted this course.

94. The problem of the adjustment of the Cape Peninsula seats was further complicated by the undue excess of voters in the adjoining Hottentots Holland constituency, whose numbers had increased to 11,445, i.e. to 28.5 per cent. above the present quota. For considerations both of number and of geographical situation it was impossible to reduce the excessive strength of this seat by transferring voters to either Stellenbosch or Caledon. In consequence, either the Cape Flats seat or the existing Maitland seat would be required to absorb a substantial surplus from Hottentots Holland. In the final result the decision was to transfer Polling District No. 235 (Grassy Park) with 702 voters to the Wynberg constituency, to which it is not alien, and to transfer practically the whole of Polling District No. 555 (1,042 voters) to the Cape Flats seat. This last polling district is a sparsely populated area of predominantly agricultural character. In arriving at this decision the Commission, with regret, found itself unable to comply with forceful and reasonable representations emanating from Hottentots Holland that in place of Polling District No. 555, a transfer should be made of the more closely settled portion of Polling District No. 557, known as Epping Garden, which abuts on the township of Goodwood, in the present constituency of Maitland. This area, it was contended, was in essence an urban one, and appropriate for inclusion together with other suburbs of greater Cape Town in one of the Peninsula seats or Vasco. There were, however, various administrative and statistical difficulties in the way of adopting this proposal: the only possible other division to take over this area was Vasco, which itself is so overloaded that the Commission with great reluctance has been compelled to transfer 2,500 voters from it to the Malmesbury constituency.

95. Reference to the accompanying maps of the Peninsula and adjacent area will show the precise manner in which it has been found necessary to alter existing electoral boundaries so as to adjust the present seats to the prescribed quota and to define the new Salt River seat. In the main these alterations call for no special comment other than the following. The Sea Point Division has been contracted by a shifting to the south of its northern boundary abutting on Cape Town Central The last-named division has, in consequence of this and of further adjustments in the direction of Cape Town Gardens, become so changed in locality that its present designation is a misnomer, and the Commission, with general approval, has decided to alter its name to Green Point.

96. In consequence of the absorption of the township of Maitland in the new Salt River seat it has become necessary to rename the constituency until now called Maitland. This constituency, to which 9,850 voters have been assigned (10.6 per cent. above the quota), consists in the main of the Parow, Goodwood and Vasco areas, and on grounds of historical sentiment and with general approval the Commission selected the last as the appropriate name.

NATAL.

HOUSE OF ASSEMBLY.

The Allocation of Seats. Creation of Pinetown Division.

97. The Natal register as on the 31st May, 1942, showed a total of 119,597 European adult Union National voters, to which must be added 654 non-European male voters. As indicated in paragraph 6, no alteration in number of the sixteen representatives which the Province is entitled to send to the House of Assembly is called for.

98. One important alteration in the allocation of seats within the Province had, however, to be made, resulting from the fact that while the Durban divisions each showed a percentage of voters above the quota ranging from 11.15 per cent. in Durban North to 45.46 per cent. in Durban Point, all the other divisions of the Province, save Pietermaritzburg City, which was 13.72 per cent. above quota, showed a percentage below quota ranging from 1.76 per cent. in Pietermaritzburg District to 29.62 per cent. in Vryheid. The Durban figures on an average loading of 4 per cent. would have entitled that area to one additional seat at the expense of the rest of the Province, but figures were decided on which gave to four of the seven divisions a loading of approximately 14 per

belading van ongeveer 14 persent sou hê, twee 'n belading van ongeveer 11 persent en een 'n belading van 9 persent. Geen aanspraak is in Durban op 'n addisionele setel gemaak nie; trouens daar skyn 'n algemene verlange te gewees het dat die stedelike gemeenskappe nie ten nadele van die plattelandse gemeenskappe bevoordeel moes word nie.

99. Die groot toename van kiesers, veral in die agterland van Durban, het egter in die omgewing die stigting van 'n nuwe half-plattelandse setel vereis. Dit is geskep deur die gebied geleë ten weste van Ridgeweg vanaf die punt naby die Stellawood-kerkhof aan die Umbilorivier tot by die punt naby Umgenistasie aan die Umgenirivier, asook die noordwestelike gedeelte (Cato Manor) van Durban-Umlazi, Stemdistrik No. 91 van Suidkus met 528 kiesers, en vyf Stemdistrikte van Illovo met altesame 2,874 kiesers in een afdeling saam te bring. Die getal kiesers wat aldus van die Durbanse gebied weggeneem word, is 3,790 en die gevolg is 'n kiesafdeling 4.3 persent onder die kwota. Omdat Pinetown kenmerkend van die afdeling is, is dié naam daaraan gegee.

100. Om sy syfers aan te vul, moes Suidkus vyf stemdistrikte met altesame 708 kiesers van Illovo neem. Wanneer hierdie verlies en sy verlies ten gunste van Pinetown in ag geneem word, is dit duidelik dat die afdeling Illovo moes verdwyn. Die resterende gedeelte van Illovo is toegevoeg aan 'n gebied bestaande uit Stemdistrik No. 169 (Bergville), noord van die Tugelarivier, die westelike gedeelte van die afdeling Weenen, en die noordelike gedeelte van Pietermaritzburg-Distrik om 'n afdeling 14.7 persent onder die kwota te vorm waaraan ons op grond van die besondere aardrykskundige kenmerk van die gebied die naam Drakensberg gegee het. Dit is jammer dat die noodsaaklikheid om die vereiste syfers te vind ons verhinder het om die Tugelarivier die noordelike grens van hierdie afdeling te maak.

Suidkus.

101. Suidkus wat 10.54 persent onder die kwota was, het aan die noorde aan Pinetown Stemdistrik No. 91 met 1,174 kiesers afgegee, asook Stemdistrik No. 35 met 'n gedeelte van Stemdistrik No. 36, met altesame 256 kiesers. Met toevoeging van die suidelikste gedeelte van Illovo met altesame 672 kiesers, word Suidkus 'n afdeling 8.6 persent onder die kwota. Ter voldoening aan sterk vertoë het die Kommissie ingestem om die naam van hierdie afdeling te verander in „ Natalse Suidkus ".

Vryheid en Zoeloeland.

102. Die afdelings Vryheid en Zoeloeland was onderskeidelik 29.62 persent en 15.30 persent onder die kwota. 'n Punt waaroor ons in ons oorwegings ten aansien van Natal vroegtydig moes besluit, was of Vryheid, soos in een van die voorstelle aan die Kommissie aan die hand gedoen en nogal sterk bepleit is, sy tekort moes aanvul deur ooswaarts na die kus uit te brei om aldus 'n gedeelte van Zoeloeland in te sluit, of anders weswaarts om die Utrechtse gebied van Newcastle in te sluit. Vanweë eenheid van belange, kon die Kommissie weinig grond vind om die aanname van die eerste voorstel te regverdig en het hy uiteindelik besluit dat die bestaande grenslyn tussen Vryheid en Zoeloeland in hoofsaak behou moes word en dat die nodige syfers vir Vryheid aangevul moes word deur insluiting by daardie afdeling van die Utrechtse gebied van die afdeling Newcastle, die distrik Nqutu uit Kliprivier, Stemdistrikte Nos. 201 en 202, met altesame 125 kiesers uit Zoeloeland, en Stemdistrik No. 175 met 33 kiesers uit Weenen, wat aldus 'n afdeling Vryheid skep wat tot 14.8 persent ontlaai is.

103. Om vir sy eie tekort te vergoed en vir sy verlies van Stemdistrikte Nos. 201 en 202 aan Vryheid met 125 kiesers, is daar uit Weenen gedeelte van Stemdistrik No. 176, met 170 kiesers, aan Zoeloeland toegevoeg, wat dus 'n afdeling 14.7 persent onder die kwota word. Behalwe in die twee opsigte soos aangedui, bly die afdeling Zoeloeland onveranderd.

Newcastle en Kliprivier.

104. Newcastle was 29.34 persent onder die kwota en het verder die Utrechtse gedeelte van sy afdeling met altesame 830 kiesers aan Vryheid afgegee. Ter vergoeding is daar uit Kliprivier 'n aantal stemdistrikte, met altesame 1,965 kiesers, aan Newcastle toegevoeg. Kliprivier word dus aan sy noorde aansienlik ingekrimp; die noordelike grenslyn loop nou tot 'n punt naby die dorp Ladysmith en ter vergoeding is 'n gebied wat die dorp Weenen insluit, met 2,873 kiesers uit die afdeling Weenen daaraan toegevoeg.

105. Die vraag of die aldus ontstane afdeling Kliprivier of Weenen genoem moes word, is sorgvuldig oorweeg, aangesien albei 'n betekenisvolle geskiedkundige agtergrond het. Teen eersgenoemde benaming kan ingebring word dat Kliprivier maar net vir 'n klein gedeelte deur die afdeling loop, naamlik van 'n punt noord van Ladysmith na die Tugelarivier noord van Colenso, en dat dit as 'n aardrykskundige kenmerk onbeduidend is, maar aan die ander kant is gevind dat daar oral, met inbegrip van Weenen self, sterk sentimentele waarde geheg word aan die behoud van die naam Kliprivier. Nog 'n argument ten gunste van die behoud van Kliprivier as die naam van die kiesafdeling is dat die ou Kliprivier 55.6 persent van sy stemkrag tot die kiesafdeling bydra, terwyl die ou Weenen-kiesafdeling 44.4 persent bydra.

Pietermaritzburg-Stad en -Distrik.

106. Pietermaritzburg-Stad was 13.72 persent bo en Pietermaritzburg-Distrik 1.76 persent onder die kwota. Geen ander verandering in die stad is nodig bevind nie behalwe die

cent., to two a loading of approximately 11 per cent. and to one a loading of 9 per cent. No claim was presented in Durban for an extra seat; indeed, the general feeling appeared to indicate a generous desire that there should be no undue gain by the urban communities at the expense of the rural.

99. The large increase of voters, particularly in the hinterland of Durban, nevertheless demanded the creation in that neighbourhood of a new semi-rural seat. This has been constituted by the bringing together in one division of the area lying west of Ridge Road from the point near Stellawood Cemetery where it meets the Umbilo River to the point near Umgeni Station where it meets the Umgeni River, the north-western portion (Cato Manor) of Durban Umlazi, Polling District No. 91 from South Coast with 528 voters, and five polling districts from Illovo with an aggregate of 2,874 voters. The number of voters thus taken in from the Durban area is 3,790, and the result is a constituency 4.3 per cent. below quota to which, since Pinetown is its central feature, that name has been assigned.

100. To make up its figures, South Coast had to take from Illovo five polling districts with an aggregate of 708 voters. Having regard to this loss and its loss to Pinetown, the Division of Illovo was clearly marked for extinction. Illovo's remaining extent has been added to an area consisting of Polling District No. 169 (Bergville) north of the Tugela River, the western portion of the Division of Weenen, and the northerly portion of the Pietermaritzburg District, to make a division 14.7 per cent. below quota, to which we have assigned the name Drakensberg, from the outstanding physical feature of the area. It was regrettable that the necessity of finding the requisite figures prevented us from making the Tugela River the northern boundary of this division.

South Coast.

101. South Coast, which was 10.54 per cent. under quota, has given off on its north to Pinetown Polling District No. 91 with 1,174 voters and Polling District No. 35 with portion of Polling District No. 36, with an aggregate of 256 voters. With the addition of the southernmost part of Illovo with an aggregate of 672 voters, South Coast becomes a division 8.6 per cent. below quota. In compliance with strong representations the Commission agreed to change the name of this division to " Natal South Coast ".

Vryheid and Zululand.

102. The Vryheid and the Zululand Divisions were 29.62 per cent. and 15.30 per cent. below quota respectively. A point which called for early decision in our Natal deliberations was whether Vryheid, as suggested in one of the proposals presented to the Commission and argued with some insistence, should implement its deficiency by extending east to the coast so as to embrace part of Zululand or westward to include the Utrecht area of Newcastle. On the ground of community of interest the Commission could find little to justify the acceptance of the former proposal, and ultimately decided that the existing boundary line between Vryheid and Zululand should substantially be retained and that the figures necessary for Vryheid should be made up by including in that division the Utrecht area of the Newcastle Division, the district of Nqutu from Klipriver, Polling Districts Nos. 201 and 202, with an aggregate of 125 votes from Zululand, and Polling District No. 175 with 33 votes from Weenen, thus constituting a Vryheid Division unloaded to the extent of 14.8 per cent.

103. To compensate for its own deficiency and its loss of Polling Districts Nos. 201 and 202 to Vryheid with 125 votes, there has been added to Zululand from Weenen part of Polling District No. 176 with 170 votes, thus making a division 14.7 per cent. below quota. Save in the two respects indicated, the Zululand Division remains unaltered.

Newcastle and Klipriver.

104. Newcastle was 29.34 per cent. below quota and it has further lost to Vryheid the Utrecht portion of its division with an aggregate of 830 votes. In compensation there has been added to Newcastle from Klipriver a number of polling districts with a total of 1,965 votes. Klipriver thus becomes considerably contracted on its north, the northern boundary line now reaching a point close to the town of Ladysmith, and to it in compensation have been added 2,873 votes from the Weenen Division, representing an area which includes the town of Weenen

105. Much consideration was given to the question whether the resulting division should be named Klipriver or Weenen, both of which have strong historical associations. As against the former it may be argued that the Klip River takes its course for a very short way through the division from a point north of Ladysmith to the Tugela River north of Colenso, and that this as a physical feature is insignificant; but on the other hand it was found that strong sentimental interest in every quarter, including Weenen itself, favoured the retention of the name Klipriver. Another argument in favour of the retention of Klipriver as the name of the constituency is that while the old Klipriver contributes to it 55.6 per cent. of its voting strength, the figure contributed to it by the old Weenen constituency is 44.4 per cent.

Pietermaritzburg City and District.

106. Pietermaritzburg City was 13.72 per cent. over and Pietermaritzburg District 1.76 per cent. under quota. No other change in the City was found necessary than the giving

toevoeging aan die distrik van Blokke Nos. 54 en 55 met 360 kiesers, waardeur die stad 'n afdeling van ietwat minder as 9 persent bo die kwota word. Pietermaritzburg-Distrik, met die toevoeging uit Illovo van Stemdistrik No. 34 (Cato Ridge) en die verlies aan die noordweste van vier stemdistrikte ten gunste van Kliprivier, word 'n afdeling met ietwat minder as 10 persent onder die kwota. Dit spyt die Kommissie dat dit onuitvoerbaar bevind is om die dorp Howick en die gebied wat tussen Howick en die stad lê, by Pietermaritzburg-Distrik in te sluit.

Die Durbangebied.

107. Durban-Noord, wat 'n aansienlike gebied in die agterland van Ridgeweg aan Pinetown afgegee het, moes suidwaarts in die gebied wat ten weste deur Ridgeweg en ten ooste deur die oseaan begrens word, verskuif word en wen aldus 2,898 stemme waarvan die meeste aardrykskundig tot die Stamford Hill-gebied behoort. Stamford Hill wat dus aan die noorde ingekrimp is om Mitchell Park uit te sluit, moes aan die suide uitgebrei word om 1,374 kiesers uit Berea op te neem, en aan die ooste om 644 kiesers uit Greyville op te neem. Die naam Stamford Hill kon dus nie langer aan hierdie afdeling gegee word nie, en met algemene instemming is dit nou na aanleiding van Musgraveweg, wat deur sy hele lengte van noord na suid loop en dus een van sy sentrale kenmerke is, tot „ Musgrave " herdoop.

108. Berea, wat 21.20 persent bo die kwota was, het weinig verandering ondergaan. Die verlies ten gunste van Musgrave van 1,374 kiesers aan die noorde, is herstel deur die toevoeging van 'n paar blokke uit Umbilo aan die ooste met 782 kiesers, sodat die kiesafdeling 13.3 persent bo die kwota word.

109. Greyville is aan die noorde ingekrimp deur die afstaan aan Durban-Noord van 'n aansienlike gebied geleë tussen Argyleweg en die Umgenirivier. Dit het verder aan die noordweste 'n klein gebied wat aan Musgrave grens, en aan die suide 'n klein gebied ten gunste van Umbilo verloor. Met hierdie onttrekkings was die Kommissie in staat om Greyville uit te brei na Victoriakaai en Esplanade sodat dit die gebied geleë tussen Broadstraat, Pinestraat en Aliwalstraat omvat. Greyville word dus 'n kiesafdeling waarvoor die naam Durban-Sentraal beter sou pas as die ou naam Greyville. Ondanks die feit dat die verdwyning van die ou naam in sommige kringe betreur is, het die Kommissie dus die naam Durban-Sentraal vir hierdie afdeling aanvaar.

110. Sedert 1937 het Durban-Point sy stemkrag met 4,345 kiesers uitgebrei en was dit 45.46 persent bo die kwota. Dit kon dus aan Greyville daardie gebied afgee wat begrens word deur Broadstraat, Pinestraat, Aliwalstraat en die kaai, waardeur die Kommissie in staat gestel is om die Greyville-afdeling in die afdeling Durban-Sentraal om te skep.

111. Durban-Umbilo, wat 24.7 persent bo die kwota was, het min verandering ondergaan, behalwe vir die verlies van enkele blokke aan die noordweste ten gunste van Berea, en die gebied geleë tussen Fennis Cowles-weg en die Umbilorivier, met 895 kiesers, ten gunste van Umlazi.

112. Umlazi was 8.42 persent bo die kwota en geen verandering is nodig geag nie. Sy verlies ten gunste van Pinetown van Stemdistrikte Nos. 819 en 820 met 892 kiesers (Cato Manor en Manor Gardens) is vergoed deur die toevoeging uit Umbilo van die gebied geleë tussen Fennis Cowles-weg en die Umbilorivier met 895 kiesers.

113. Die syfer van 12.5 persent as die gemiddelde belading van die sewe Durbanse afdelings is weliswaar hoog, maar word geregverdig op grond daarvan dat dit die algemene goedkeuring van die stedelike verteenwoordigers wegdra—sien paragraaf 98. Gemeen word dat die grense soos vasgestel, bevredigend sal wees, en dat die stigting van 'n Durban-Sentraal-setel, in die plek van Greyville, uiteindelik algemene tevredenheid sal gee.

PROVINSIALE RAAD.

Die toewysing van setels. Stigting van afdeling Durban-Distrik.

114. Die syfers vir die elf Durbanse afdelings van die Provinsiale Raad maak 'n totaal uit van 62,574. Met 'n kwota van 4,810 was dit voldoende vir twaalf setels wat gemiddeld 8 persent belaai is. Die addisionele afdeling is gevorm uit 'n gebied wat ten ooste begrens word deur Ridgeweg, ten suide deur die Umbilorivier, ten noorde deur die Umgenirivier en ten weste deur die Noordkusgrens, waardeur 'n half-plattelandse afdeling 8.5 persent onder die kwota in die agterland van Durban-Stad ontstaan, en saamgestel uit gedeeltes van Durban-Wes met altesame 3,523 kiesers, 'n blok uit Durban-Noord met 458 kiesers, en 'n klein gebied ten weste van Ridgeweg—blok 822 met 422 kiesers—wat voorheen aan Tollgate behoort het. Aan hierdie afdeling is die naam Durban-Distrik gegee.

115. Noordkus, wat 11.37 persent onder die kwota was en bowendien 'n groot gebied ten gunste van Zoeloeland met altesame 2,201 kiesers verloor het, asook Stemdistrik No. 194 met 53 kiesers ten gunste van Umvoti en Stemdistrik No. 216 met 378 kiesers ten gunste van Durban-Noord, is suidwaarts tot in die afdeling Pinetown uitgebrei om Stemdistrikte Nos. 58, 59 en 106 met altesame 2,618 kiesers te omvat, met die gevolg dat die geheel 'n afdeling uitmaak met 11.7 persent onder die kwota. Die gebied sluit die dorp Pinetown in. Die afdeling Pinetown verloor dus sy identiteit as 'n kiesafdeling en sy orige gedeelte is ingelyf by Ixopo om

off to the District of blocks Nos. 54 and 55 with 360 votes, thus making the City a division slightly under 9 per cent. above quota. Pietermaritzburg District, with its addition from Illovo of Polling District No. 34 (Cato Ridge) and the loss on the north-west of four polling districts to Klip-river, becomes a division slightly under 10 per cent. below quota. The Commission regretted that it was found impracticable to include within Pietermaritzburg District the town of Howick and the area intervening between it and the city.

The Durban Area.

107. Durban North, having lost to Pinetown a considerable area in the hinterland of Ridge Road, had to be advanced southwards into the area bounded on the west by Ridge Road and on the east by the ocean, thus gaining 2,898 votes mostly from what is geographically the Stamford Hill area. Stamford Hill thus contracted on its north to exclude Mitchell Park, had to be extended on its south to take in 1,374 votes from Berea, and on its east to take in 644 votes from Greyville. The name Stamford Hill could therefore no longer be applied to this division, and with common consent it has been renamed " Musgrave " from Musgrave Road which runs through its whole extent from north to south and is therefore one of its central features.

108. Berea, which was 21.20 per cent. above quota, has undergone little alteration. The loss to Musgrave of 1,374 votes on the north has been adjusted by the addition of a few blocks from Umbilo in the east with 782 votes, the resulting constituency being 13.3 per cent. above quota.

109. Greyville has been contracted on its north so as to lose to Durban North a considerable area lying between Argyle Road and the Umgeni River. It has further on its north-west lost a small area adjacent to Musgrave and on its south a small area to Umbilo. With these detractions, the Commission was enabled to extend Greyville to the Victoria embankment and Esplanade so that it should embrace the area lying between Broad Street, Pine Street and Aliwal Street. Greyville thus becomes a constituency to which the name Durban Central may more properly be applied than the old name of Greyville. The Commission has, therefore, notwithstanding the expression in some quarters of regret at the disappearance of the old name, adopted the name of Durban Central for this division.

110. Durban Point had since 1937 increased its voting strength by 4,345 votes and was 45.46 per cent. above quota. It was enabled, therefore, to give off to Greyville that area, bounded by Broad Street, Pine Street, Aliwal Street and the embankment, which enabled the Commission to convert the Greyville Division into the Durban Central Division.

111. Durban Umbilo, which was 24.7 per cent. above quota, has undergone little alteration save for the loss of some blocks to Berea to the north-west and to Umlazi, the area with 895 votes lying between Fennis Cowles Road and the Umbilo River

112. The Umlazi figure showed 8.42 per cent. above quota, and no alteration of this was deemed necessary. Its loss to Pinetown of Polling Districts Nos. 819 and 820 with 892 votes (Cato Manor and Manor Gardens) was compensated by the addition from Umbilo of the area lying between Fennis Cowles Road and the Umbilo River with 895 votes.

113. The average loading of the seven Durban divisions is 12.5 per cent., a high figure it is true, but justifiable on the ground that it expresses the general feeling of the urban representatives—see paragraph 98. It is felt that the boundaries fixed will be found satisfactory and that the constitution of a Durban Central seat in place of Greyville will ultimately give general satisfaction.

PROVINCIAL COUNCIL.

The Allocation of Seats. Creation of Durban District Division.

114. The figures for the eleven Durban Provincial Council divisions total 62,574. With a quota of 4,810, this was sufficient for twelve seats loaded to an average of 8 per cent. The additional division has been constituted by taking an area bounded on the east by Ridge Road, on the south by the Umbilo River, on the north by the Umgeni River and on the west by the North Coast boundary, this making a semi-rural division in the hinterland of Durban City 8.5 per cent. below quota, comprised of portions of Durban West with an aggregate of 3,523 voters, a block from Durban North with 458 voters, and a small area to the west of Ridge Road—block No. 822 with 422 voters—which previously belonged to Toll Gate. To this division the name Durban District has been assigned.

115. North Coast, which was 11.37 per cent. below quota, having in addition lost a large area to Zululand with an aggregate of 2,201 votes, Polling District No. 194 with 53 votes to Umvoti and Polling District No. 216 with 378 votes to Durban North, has been extended southwards into the Pinetown Division to embrace Polling Districts Nos. 58, 59 and 106 with an aggregate of 2,618 votes, the whole resulting in a division 11.7 per cent. below quota. The area includes the town of Pinetown. The Pinetown Division thus loses its electoral identity, and its remaining extent has been

die tekorte in daardie afdeling aan te vul wat veroorsaak is deurdat sy eie kwota met 29.44 persent afgeneem het en deurdat dit gebiede aan Pietermaritzburg-Distrik en Umzimkulu afgestaan het.

Verdere veranderings aan die grense van plattelandse afdelings van die Provinsiale Raad.

116. Zoeloeland het die gebiede Nongoma en Mahlabatini aan sy estekant aan Vryheid afgestaan en aan sy suidekant as vergoeding daarvoor die Stangergebied uit Noordkus ontvang, en die afdeling wat aldus ontstaan, is 10.3 persent onder die kwota. Met hierdie toevoeging uit Zoeloeland word Vryheid, met 'n klein wysiging van die grens tussen hom en Newcastle, 'n afdeling 11 persent onder die kwota. Die benamings van die ander plattelandse afdelings bly onveranderd en ondergaan weinig verandering in hul samestelling, behalwe dat Weenen wat 24.89 persent onder die kwota was, 'n klein toevoeging uit Umvoti ontvang het en aan die suide aansienlike hulp uit Ixopo; die afdeling wat aldus ontstaan, is 11.8 persent onder die kwota. Ander grensveranderinge wat tussen plattelandse afdelings gemaak is, verg geen spesiale verduideliking of kommentaar nie.

Die Pietermaritzburgse afdelings van die Provinsiale Raad.

117. Pietermaritzburg-Noord, wat 10.44 persent bo die kwota was, het blok No. 22, met 111 kiesers, aan Pietermaritzburg-Suid afgegee, en word dus 'n afdeling 8.1 persent bo die kwota. Behalwe vir hierdie toevoeging wat dit op 8.8 persent bo die kwota te staan bring, ondergaan Pietermaritzburg-Suid geen verandering nie. Pietermaritzburg-Distrik was 2.5 persent onder die kwota. Sekere onttrekking daaraan is gedoen ten gunste van Umvoti, met die gevolg dat dit 'n afdeling 8 persent onder die kwota word.

Die Durbanse afdelings van die Provinsiale Raad.

118. In paragraaf 114 is die stigting van die afdeling Durban-Distrik aangekondig. Verandering in die syfers het die wysiging van grense tussen die verskillende afdelings vereis, veral Greyville, Point en Sentraal, maar geeneen verg besondere aandag nie. Vir sover die syfers dit toegelaat het, is alles moontlik gedoen om belangrike strate of kenmerke as afdelingsgrense te kies. Met uitsluiting van Durban-Distrik, wat op toegeefliker behandeling geregtig was en tot 8.5 persent ontlaai is, is die Durbanse gebied gemiddeld met ongeveer 11 persent belaai.

ORANJE-VRYSTAAT.

VOLKSRAAD.

Toewysing van setels.

119. Die getal kiesers in die Oranje-Vrystaat het gedurende die afgelope vyf jaar feitlik onveranderd gebly. Die huidige kiesersrys toon 'n totaal van 109,841, in teenstelling met 'n totaal van 109,822 in 1937. Soos in paragraaf 6 gemeld, moet die Provinsie volgens die huidige herafbakening een setel in die Volksraad verloor.

120. Met uitsondering van Bloemfontein-Stad, Bloemfontein-Distrik en Kroonstad waarvan die syfers onderskeidelik 40.78, 16.83 en 3.41 persent bo die kwota was, was die syfers van al die afdelings onder die kwota, nl., 21.39 persent in die geval van Boshof tot 6.78 persent in die geval van Bethlehem. Dit was duidelik dat die twee Bloemfonteinse kiesafdelings 'n aansienlike oorskot kiesers sou hê wat in sekere mate kon opweeg teen die ontlading van verskillende plattelandse kiesafdelings.

Afskaffing van 'n plattelandse afdeling.

121. Een van die plattelandse afdelings moes afgeskaf word en die vraag watter een dit sou wees, het veel oorweging geverg. By die eerste openbare vergadering van die Kommissie in die Provinsie wat op 1 September op Bloemfontein gehou is en waarop drie politieke partye verteenwoordig was, is geen afdeling in hierdie verband genoem nie. Een politieke party het voorgestel dat al die bestaande kiesafdelings in die noordelike gedeelte van die Provinsie behou en dat hul tekorte uit die omliggende gebiede aangevul moes word. 'n Ander voorstel wat ingedien is, was dat op die twee Bloemfonteinse afdelings die maksimum belading opgelê moes word en dat die vier groot landelike afdelings in die weste en die suide—Hoopstad, Boshof, Fauresmith en Smithfield—in die uiterste mate ontlaai moes word; dat die stemkrag van die orige kiesafdelings op kwota of, in die geval van Kroonstad en Bethlehem, teen 'n geringe belading vasgestel moes word; en dat die kiesafdeling wat afgeskaf moes word, uit die graanproduserende gebiede in die noordoostelike gedeelte van die Provinsie gekies moes word.

122. Nadat die Kommissie die vraag sorgvuldig oorweeg het, is daar gevoel dat dit nie die regte beleid sou wees om die parlementêre verteenwoordiging van die vier uitgestrekte kiesafdelings in die westelike en suidelike gedeeltes van die Provinsie tot drie setels te verminder nie. Gevolglik het die Kommissie te werk gegaan met die doel om een van die bestaande afdelings in die ander gebiede uit te kies. Om redes wat grotendeels voortvloei uit die oorwegings wat in paragraaf 24 hierbo gemeld is, het die Kommissie voorlopig Senekal uitgekies, 'n afdeling wat in 1928 tot stand gekom het ten gevolge van 'n herreëling deur die Vyfde Afbakeningskommissie waarvolgens Fouriesburg van Ficksburg geskei en die naam Senekal gegee is aan die gedeelte wat van die ou kiesafdeling Ficksburg oorgebly het.

123. Nadat die voorlopige keuse van die Kommissie bekendgemaak is, het een van die politieke partye voorgestel dat Vredefort die afdeling moet wees wat afgeskaf moes word, en

embodied in Ixopo to make up the deficiencies in that division caused by its own falling from quota by 29.44 per cent. and by losses sustained through its surrender of areas to Pietermaritzburg District and Umzimkulu.

Further Alterations of Provincial Council Rural Divisional Boundaries.

